

**VERSLAG VAN DIE KERKRAAD VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE
LEVUBU INSAKE "DOELGERIGTE GEMEENTEBOU"
EN AANVERWANTE LITERATUUR
19 Augustus 1986**

A. GEMEENTEBOUKURSUS DEEL VAN DIE TIPIESE EN REEDS-BESTAANDE LITERATUUR

Die gespreksboekies van die gemeenteboukursus wat nou deur Bybelkor uitgegee word, as 'n amptelike kursus van die Ned. Geref. Kerk, is deel van die tipiese literatuur wat die laaste jare in die breë kerklike gemeenskap bekend geraak het uit verskeie oorde.

Alhoewel daar drie gespreksboekies bestaan nl.:

- 1) Godsdiens kan gevaarlik wees;
- 2) Jy kan 'n dinamiese Christen wees;
- 3) Jesus wil by jou kom bly,

is dit inhoudelik eintlik net twee onderwerpe wat in hierdie boekies aangebied word. Die derde gespreksboekie "Jesus wil by jou kom bly" is na sy inhoud dieselfde as die eerste boekie "Godsdiens kan gevaarlik wees". Die verskil is net dat die derde boekie vir kinders en die eerste vir volwassenes bedoel is.

Hierdie boekies kan na hulle aanbieding, doelstelling en inhoud, alleen reg verstaan word indien dit met die tipiese literatuur wat voor die uitgee van die kursus reeds deur Bybelkor bekendgestel en aangewend was, vergelyk word. Die kommissie het nie alle bestaande literatuur versamel nie maar net voorbeelde om 'n dwarsnit van die literatuur aan die orde te stel.

Uit die oorsig hieronder is dit duidelik dat die volgende instansies soortgelyke literatuur versprei en bedien:

- 1) Die Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk se Jeug-tot-Jeugaksiekomitee 1974. AJK
- 2) Die gemeenteboukursus, uitgegee deur Bybelkor op versoek van en in samewerking met die Ned. Geref. Kerk se Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie. AKAE
- 3) Dinamiese gemeentebou.
- 4) Die Afrikaanse Baptistekerk.
- 5) Die buite-kerklike organisasie Campus Crusade for Christ bekend as Lewe bediening. CCC
- 6) Die charismatiese sekte Rhema Bedieninge.
- 7) Die buite-kerklike organisasie bekend as Jeug vir Christus wat 'n verlenging van die "Internasional Council of Youth for Christ" in Switzerland is.
- 8) Die buite-kerklike organisasie van F. Grim bekend as die Internasionale Christelike Hospitaalbond.
- 9) Die buite-kerklike organisasie bekend as Christensakemanne van Suid-Afrika.
- 10) Die privaatinisiatief van dr James van Zijl wat die Christelike sentrum te Stanger opgerig het.
- 11) Die privaatinisiatief van Lane Flint wat Meesterplanuitgewers geïnisieer het.

Bogenoemde gee duidelik 'n dwarsdeursnit van die huidige omvang van die literatuur.

Punte 1-5 verteenwoordig kerk en sekte (Gereformeerd; Baptiste en Charismaties) wat die literatuur as kursusse aanbied. Hoewel die kommissie nie alle literatuur versamel het nie is dit bekend dat ook die Apostoliese sektes nie vreemd staan van die literatuur nie.

Wat kerk en sekte betref – van Gereformeerd deur Baptiste en Apostoliese sektes tot by die Charismatiese sektebeweging – is hierdie literatuur 'n gemene deler.

Punte 6-9 verteenwoordig organisasies, of eerder, aksies en strominge, wat hulle self aanbied as organisasies wat "nie-kerklik" optree. Hulle "nie-kerklike" bediening word in een of ander sosiale front geregverdig. Die sosiale front is die jeug, studente, die siekes in die hospitale en die sakemanne van Suid-Afrika.

Hierdie is maar enkele van die sosiale terreine wat as sogenaamde aksie-terreine, met die literatuur as inhoud van die aksie, opgeëis word deur geestelike leiers of groepe wat hulle self as "voltydse werkers van die Here" maar geensins in kerklike ampte nie, propageer. Ander fronte word voortdurend deur die organisasies geïdentifiseer waar nuwe aksies geloods kan word.

Wat belangrik is, is dat die literatuur wat die organisasies uitgee van dieselfde tipe is en ooreenstem in doel, aanbieding en basiese inhoud as die wat die kerk en sektewese uitgee.

Die laaste twee voorbeelde punte 10-11 wat die kommissie voorlê, is sogenaamde privaatbedieninge. Dit is individue wat hulleself as voltydse geestelike werkers deur een of ander roeping of visioen voel en dan 'n eie kerk- en organisasielose bediening begin.

Die Christelike Sentrum van dr James van Zijl te Stanger is feitlik 'n prototipe van die tipe vroomheid. Opvallend is dat hierdie twee voorbeelde eintlik net 'n klein oorsig gee van baie soortgelyke privaatbedieninge. Belangrik is dat die basiese literatuur van die privaatgeestelikes – voltyds aan die Here se werk gewy, maar ook buite enige amp van die kerk of sekte – soortgelyk is aan die van die kerk, sekte, organisasie en aksie.

Dit is dus duidelik dat die huidige gemeentebouboekies maar net nog 'n weergawe van reeds-bestaande en soortgelyke inisiatiewe van die kerk en sekte is.

B. 'N HISTORIESE SAMEHANG

1. Jeug-tot-Jeug-Aksie 1974

Dit lê nie binne die terrein van die kommissie om 'n uitgewerkte geskiedenis oor elke groep van wie se literatuur voorgelê word, weer te gee nie. Dit is egter wel van belang om aan te toon hoe dit gebeur het dat hierdie tipe literatuur amptelike literatuur van die Ned. Geref. Kerk geword het. Voor die verskyning van die literatuur was die tipe werkswyse nog net onder sektes 'n tradisie (vgl. byvoorbeeld die straatwerk van die Jehovasgetuies).

Die eerste erkenning van die tipe literatuur as Ned. Geref. Kerk literatuur is onlosmaaklik verbonde aan die beweging wat in 1974 van stapel gestuur is as die Jeug-tot-Jeugaksie. Die gespreksboekies bevat die geloofsinhoude wat die aksie gebruik het om kinders van die Ned. Geref. Kerk te lei tot 'n

sogenaamde nuwe lewe waar Jesus in hulle inkom en die Heilige Gees die beheer van hulle lewens oorneem. Sedertdien is die boekies deel van die skolingskursusse van die A.J.K. wat in verskeie tipes aksies in gemeentes gepropageer en toegepas is.

Die wortels van die aksie lê in o.a. 'n verslag wat gedien het in 1968 by 'n konferensie genaamd: "Evangelism in depth" wat in Nairobi gehou is. In die verslag is daar gehandel oor sogenaamde evangeliese suksesse in Afrika (vgl. as voorbeeld die huidige evangeliese beweging van Billy Graham). Die verslag het gelei tot inisiatiewe wat 'n soortgelyke landswye aksie in Suid-Afrika sou loods, d.i. deur die A.K.A.E.

Twee leraars van die A.J.K. het in 1972 die vergadering van die A.K.A.E. bygewoon waar die moontlikheid bespreek was. In die vergadering is 'n visioen en ideaal vanuit die A.J.K. voorgelê van 'n landswye evangelisasie van "die Jeug" deur "die Jeug" wat as sosiale front en teiken uitgesonder is.

In die uitvoering van die visioen en ideaal van 1972, met die gespreksboekies as die inhoud van die aksie in 1974, is daar swaar geleun op aksies wat aan die gang was in Suid-Transvaal se sinodale gebied.

Dit was glad nie toevallig nie. 'n Belangrike invloed op die ontwikkeling was die skoolverlaterskampe wat in die Suid-Transvaalse sinodale gebied begin was in 1963. Die leiding is hier geneem en ander streke het later waarnemers gestuur.

Vir die doel van die kommissie se opdrag is dit van belang dat die tipiese inhoude van "die nuwe lewe waar Jesus in jou inkom en die Gees die beheer van jou lewe oorneem" reeds hier al 'n vaste beslag gekry het. Egter nog nie in die bekende boekie-gesprekkies nie.

'n Verdere agtergrond is die sogenaamde "Gevorderde Jeugleierskursusse" wat in wese die tipiese skolingskursusse is wat as inhoud die huidige bekeringstipe het. Die tipiese "skolings" is die eerste keer op die kampterrein te Achterberg geloods. Die een deel van die skoling het oor "persoonlike werk" gehandel.

Tydens die skoling het die aanbieders bewus geword van herlewingsbeweginge in Amerika, met name die boek van dr. James Kennedy "Evangelism Explosion" in die Coral Reef kerk, Amerika.

Met die agtergrond het die A.J.K. oorgegaan na Amerika. Hulle woon die herlewing in dr. J Kennedy se gemeente by en kyk hoe hy skolingsprogramme aanbied om mense die bekeringstipe te laat beleef. Hoe hulle dan weer opgelei word om die bekeringstipe en die gepaardgaande vroomheid te propageer as sogenaamde persoonlike werkers. Hier leer hulle dat die konfrontasie van mense met godsdiens in 'n gespreksvorm uitgewerk en aangebied kan word.

Dit was op die toer dat die noodlottige kontak met Campus Crusade van Bill Bright gemaak is. Die kontak sou tot 'n ononderbroke broedertwis tussen die Jeugaksie en C.C.C. lei binne Ned. Geref. Kerkverband.

Hulle woon C.C.C. se skolingskursusse by. Meer, verkry amptelike toestemming om van C.C.C. se literatuur gebruik te maak. So word die literatuur van C.C.C. die direkte aanleiding, na vorm en inhoud, vir die Jeugaksie se sogenaamde "eie" literatuur en skolingskursus.

So verskyn die A.J.K. se boekies as instrument van die 1974 gepropageerde Jeugherlewing.

Van belang is die verskille tussen die proefuitgawe van die A.J.K. se eerste boekie: "Ken u die sewe bakens op die pad van ware geluk?" en die finale uitgawe "Het u al gehoor van die geheim van die ware lewe?" Die proefuitgawe was voorgelê aan 'n keurpaneel wat onder groot druk van tyd die boekie moes keur. 'n Groot deel van die inhoudelike lompheid van die boekie lê in die veranderinge wat daar inderhaas moes aangebring word om dit vir die Jeugherlewing gereed te hê.

Die omvang van die skolingskursus, met die gespreksboekies as leesstof, is 'n goeie aanduiding van die geestelike houvas wat die stof op die geloof van die Ned. Geref. Kerk se lidmate verkry het. In 1974 alleen is 23 000 kinders aan die skolingskursus blootgestel. Meer as 220 000 kinders is gekonfronteer om hulle aan die tipe geestelikheid oor te gee.

Intussen is die skolingskursus die beste verkoper van Bybelkor en het al die status van voorgeskrewe stof in teologiese studies verkry. Die voortsetting van die inisiatief van 1974 het weer beslag gekry in die Jeugjaar van 1985 waar die skolingskursus weer as bron gebruik is om kinders, die geslag na 1974, weer aan die geestestipe bloot te stel.

2. Campus Crusade for Christ

In die finale voorbereidingsfase tot die herlewing van die Jeug-tot-Jeugaksie maak C.C.C. hulle verskyning in Suid-Afrika. Dit is van hulle wat die A.J.K. hulle gespreksinhoude op kopiereg verkry het (wat die direkte aanleiding van hulle gespreksboekies was).

Die spanning tussen die twee jeugaksies is nie onbeduidend vir die verloop van die propaganda veldtogte rondom die bekerings- en geesvervullingstipes nie.

Die A.J.K. het net 3 basiese gespreksboekies opgestel op grond van C.C.C. se materiaal, alhoewel die C.C.C. materiaal baie meer uitgebreid was. Naas die eerste 3 geestelike trappe in die metodistiese godsdienst het C.C.C. 'n hele reeks van geestelike trappe gehad. (Hoe om wat te doen.) Dit is beskryf in 10 dissipelskapboekies om aan die nuwe bekeerlinge die volle pad van dissipelskap te verduidelik. Hierdie metodisme is gepropageer as "Tien basiese trappe tot geestelike volwassenheid". Die geestelike volwassenheid van die A.J.K. het met boekie no. 3 geëindig.

Die twee jeugaksies was van die begin af in kompetisie om veld en bekeerlinge. Die probleem wat ontstaan het, is dat die Jeug-tot-Jeugaksie 'n geestelike vakuum veroorsaak het vir die tipe godsdienst wat hy in sy eerste 3 boekies geskep het. Die situasie het daartoe gelei dat baie Ned. Geref. leraars nie die literatuur van die A.J.K. gebruik het nie maar die van C.C.C. So is die hele dissipelskoling in Ned. Geref. gemeentes ingedra (hierdie botsing blyk duidelik uit die notules en acta van die Algemene Sinodes 1978 en 1982).

Die omvang van hierdie betrokkenheid van leraars uit die Ned. Geref. Kerk by C.C.C. is duidelik uit die verslag wat in 1978 aan die sinode voorgelê is: baie Ned. Geref. leraars word in die skolingskursusse van C.C.C. opgelei; Ned. Geref. leraars het self die kursus van C.C.C. aangebied; die werk word buite gemeentegrens, dit is buite 'n spesifieke gemeente sonder toestemming van ander gemeentes aangebied.

Uit die kompetisie wat die C.C.C. gespreksboekies (en ander dissipelskapboekies) die materiaal en aksies van A.J.K. gegee het, besluit die sinode dat die skolingskursusse en gespreksboekies van C.C.C. nie deur die Ned. Geref. Kerk óf aangebied óf gebruik mag word nie.

3. Dinamiese gemeentebou

Die leraars in die Ned. Geref. Kerk wat met C.C.C. se metodistiese godsdiens besig was, het alreeds op die sinode probeer om die materiaal en inhoud van C.C.C. deel te maak van die amptelike inhoude van die Ned. Geref. Kerk.

So sou hulle twee vlieë met een klap doodmaak: hulle kan aan alle behoeftes voorsien van die tipe vroomheid wat deur die eerste drie stappe (boekies) van C.C.C. en die Jeug-tot-Jeugaksie geskep word indien al die dissipelskap stappe (10 boekies) ook gebruik word; verder kan hulle dit doen as synde die amptelike inhoud van die Ned. Geref. Kerk se "eie stof" sonder die stigma van buite-kerklike inhoude.

Dit was die konteks van die bykomende voorstel wat voor die sinode gedien het en nie deur die sinode goedgekeur is nie: "Aangesien so baie van die persone wat die kursusse van C.C.C. bywoon of van die lektuur van die C.C.C. gebruik maak lidmate van die N.G. Kerk is, besluit die Algemene Sinode om deur die AKAE kontak met C.C.C. te maak met die doel om ondersoek in te stel of C.C.C. in nouer verband met die amptelike evangelisasiewerk van die kerk gebring kan word. (Geteken N.J. GROBLER & C. de VILLIERS.)"

Met die besluit het die leraars wat C.C.C. ondersteun in die woestyn gesit. Hulle mag deur die literatuur van A.J.K. die eerste drie vroomheidsstappe van C.C.C. verkondig, maar nie die hele dissipelskap wat die natuurlike uitvloeisel van die godsdiens is nie.

Uit hierdie nood is 'n nuwe herlewingsaksie in 'n nuwe front gebore, "Dinamiese Gemeentebou". Die leraars wat die inhoud van C.C.C. wou voortsit het nuwe inisiatief geneem. Die hele inhoud van C.C.C. se skolingskursus is in aanbieding (nie na inhoud) verander, in nuwe prentjies geïllustreer en as "eie" skolingskursus staangemaak.

So versprei en loods hy nou herlewings in Gereformeerde gemeentes na die volle inhoud van C.C.C. (tien stappe na geestelike volwassenheid) maar onder die vaandel van 'n "eie" aksie met "eie" literatuur. In wese word die godsdiens van C.C.C. so aan gemeentes bedien.

4. Gemeenteboureeks: Ned. Geref. Kerk

Met die ontstaan van nog 'n herlewingsaksie met sy "eie" gespreksboekies was die konflik tussen die Jeugaksie in die kerk met sy "eie" boekies en die jeugaksie-aanhang van die C.C.C. met hulle

"eie" boekies nie net onvermydelik nie, maar ook komies-tragies. Die Ned. Geref. gemeentes is tot markplein verklaar waar elke aksie met sy "eie" vroomheid om aanhang en mag gekompeteer het.

As gevolg van hierdie stryd gee die AKAE in 1982 opdrag aan die A.J.K. (selfopgeleide opdrag?) om eenvormigheid onder die aksies te verkry.

Die ontwikkeling hieruit is net so verstommend soos die inhoud van die vroomheidstipe. Die A.J.K. (wat hulle inhoud en vorm na wese by C.C.C. oorgeneem het) en Dinamiese Gemeentebou (wat al die verdere stappe van geestelike volwassenheid uit C.C.C. herskryf het as vroeë meelopers van C.C.C.) kom byeen en stel naas die A.J.K.-skolingskursus nog 'n kursus op (weer 'n keer met "eie" literatuur) :Doelgerigte Gemeentebou.

Die inhoud van die kursus is maar net weer eens 'n "eie" weergawe van C.C.C. Al verskil is dat dit nou as amptelike inhoud van die Ned. Geref. Kerk versprei en gepropageer word maar met veel wyer omvang as 1974 of 1985.

Die nuwe sosiale front is nie meer net die jeug wat hulle aan die godsdiens van die aksies moet onderwerp nie. Nou moet al die gemeentelede "die nuwe lewe waar Jesus in hulle lewe ingekom het en die Gees die beheer oorgeneem het" beleef, nog erger, na dié belewenisse word nog pakke en pakke metodistiese laste en stappe en oorgawes geëis in die 10 stappe (voorheen A.J.K. se drie) tot geestelike volwassenheid.

5. Inligtingstuk van A.K.A.E. aangaande C.C.C.

As die eie weergawe van die – nou amptelike – herlewingsaksies binne die Ned. Geref. kerk (na inhoude soortgelyk aan C.C.C.) maar al was, was dit reeds 'n godsdienslas vreemd en ondraagbaar. Gedurende 1984 verskyn die Ring van Hartbeesspruit (in samewerking met die Ad Hoc kommissie van die A.K.A.E.) se verslag waarin die literatuur van C.C.C. verwerp word omrede dit:

- 1) buite-kerklik is en dus nie aanvaarbaar is nie;
- 2) 'n Baptistiese siening van die doop en verbond weergee;
- 3) 'n verskraalde boodskap het;
- 4) tot die Apostoliese sektewese neig;
- 5) 'n mens-gesentreerde godsdiens is;
- 6) 'n verskraalde siening van die kerk het en 'n plaasvervanger vir die Ned. Geref. gemeentes probeer wees.

Uit hierdie verwerping van C.C.C. op grond van die bevindinge van die ondersoek van die Ring van Hartbeesspruit (wat deur die A.K.A.E. oorgeneem en goedgekeur is en aan die gemeentes deurgegee is) is die volgende voorgehou:

"Die aandag van die gemeentes word opnuut op die oproep van die Algemene Sinode in 1978 gevestig nl.: Die Sinode kan daarom nie die werk van C.C.C. steun nie en verwag van sy leraars en lidmate om die leiding van die kerk te gehoorsaam en om hierdie kerk se eie kursusmateriaal vir toerusting van lidmate te gebruik". (AGENDA 78 p.64).

Hierdie "eie" kursusmateriaal is die inhoude van die A.J.K. en Doelgerigte gemeentebou se gespreksboekies, na vorm en inhoud geskoei op C.C.C. Binne die spanning, deur die Sinode geskep, staan ook die plaaslike gemeente van Levubu: hulle moet C.C.C. se inhoude verwerp aan die eenkant maar dieselfde inhoude, wat hulle moet verwerp, as "eie" stof aanbied.

C.'N VERGELYKING VAN DIE INHOUDE VAN DIE GESPREKSBOEKIES SOOS VOORGELê

Die kommissie is van mening dat dit dringend noodsaaklik is om die inhoude van die gespreksboekies soos voorgelê uit te lig en tot 'n objektiewe vergelyking te kom. So kan die inhoude van die A.J.K. en Doelgerigte gemeentebou met die soortgelyke literatuur van sektes, sekte-organisasies en sekte-inisiatiewe waaraan die kerk van die Here nou al hoe meer blootgestel is, geëvalueer word.

1. DIE AANBIEDINGE VAN DIE AKSIES SE INISIATIEWE

Die aanbieding van die aksies se inisiatiewe is almal identies. Die boodskap wat hulle wil oordra is verwerk tot sogenaamde "gespreksboekies." Die boekies bevat die inhoud van hulle boodskap wat hulle wil kommunikeer en is in 'n tweegespreksvorm uitgewerk.

Die veronderstelling is dat die hele aksie se gespreksvoering basies na die vorm sal verloop: een persoon wat aan 'n ander persoon hulle boodskap in 'n persoonlike gesprek oordra op die vasgestelde en inhoudelik neergelegde metode. Hierdie metode is in die boekie uitgewerk. Die boekie word voorgedoen as 'n hulpmiddel om die gesprekke op die vaste metode, na aanbieding en inhoud, te voer.

In beheer van die gespreksaksie staan gewoonlik 'n selfaangestelde sentrale komitee of begeesterde individu. Die begin van so 'n aksie bestaan gewoonlik daarin dat 'n kernsel van bekeerlinge en geesvervuldes as sogenaamde werkspan byeengebring word.

Die inisiasievoorwaarde is dat hulle self op die metode, na aanbieding en inhoud, sogenaamde "volwasse" Christene geword het. Die sentrale komitee se arbeid is dan om die binnekring te skool om op die vaste metode as werkers uit te gaan en deur die sogenaamde persoonlike werk, die boodskap van die sentralekomitee of aksie oor te dra. Met hierdie kern van al die aksies soos voorgelê (1-11), ontstaan daar 'n woordeskat wat die struktuurdraers is van hierdie aksies.

Kursus: Die hele aksie se opbou na inhoud en metode word as 'n kursus voorgedoen. Die kursus stel homself ten doel om die deelnemers na die inhoud van die kursus te skool.

Skoling: Skoling het 'n wye betekenis. Van die kant van die sentrale beplanningskomitee, wat die aksie beplan en inisieer, af gesien, skool hulle die persone wat hulle self aanbied om die aksie voltyds te dien. Vanuit die oogpunt van die persone wat dan as "werkers" aangedui word, is skoling die oordra van die boodskap van die sentrale-aksie-komitee aan die massa. Die massa is hulle wat nog nie deel aan die "persoonlike gesprek" gehad het nie.

Skolings- of kursusmateriaal: Die boodskap na sy inhoud en metode vorm die kern van die stof wat as skolings- of kursusmateriaal aangedui word. Verdere stof is oefeninge in die kommunikasiestyl; sielkunde; basiese sosiologiese kennis en aanwendingsmetodiek om die Bybel so te gebruik dat hulle boodskap effektief met versies en aanhalings gekommunikeer kan word. Behalwe vir die boodskap is die skolingsmateriaal basies dieselfde as die wat sakeondernemings en staatsinstansies gebruik in die oplei van agente en amptenare.

Kongres: Die groot beplanningsvergadering van die aksiekomitee met al sy werkers, opgeleide werkers vorm die kongres. In hierdie kongres word besluit oor wanneer die aksie plaasvind, dat dit tyd is dat die massa die besluit soos uitgewerk moet neem en wat die omvang van die aksie sal wees. Aan die einde word die sukses van die aksie gemeet en geëvalueer in terme van sy selfgestelde doelstellings en metode. Na sy inhoud ook soortgelyk aan die huidige opbou van sakeondernemings en staatsinstansies.

Leier; werker; massa: Die persone in die sosiologiese aksie en veldtog word aangedui as kursusleiers, werkers en massa (mense). Die kursusleier is die persoon wat die binnekring – wat hulle tot die aksie aangebied het, skool in die metodiek en boodskap. Die persone wat hulleself as vrywilligers tot die aksie beskikbaar gestel het, is werkers (agente) of, binne die huidige milieu waar hulle van individu tot individu moet gaan en die boodskap in gesprekvorm moet kommunikeer, persoonlike werkers. Die mense op wie die komitee se aksie toegespits word, word gewoonlik aangedui as "die mense" met die betekenis van die "massa". Die aanduiding is duidelik dat t.o.v. die aksie, na inhoud en metode, almal moontlike deelnemers is en hulle waarde word dienoreenkomstig gemeet. Baie keer word die aksies se sosiologiese arbeidsterrein enger gestel as teiken: die Jeug; die vrou; die sakeman; die sportman; die geïndustrialiseerde mens. Maar, en dit is belangrik, altyd met die sosiologies-filosofiese inhoud van "die massa".

Al die aanbiedinge, die van die Ned. Geref. Kerk; die Baptiste; die Charismate; sektes, en andere is hierin identies.

Wat werklik ontstel is die huidige ontwikkeling, wat seker die finale fase van die godsdienst is, waar die aanbieding deur Doelgerigte Gemeentebou direk gelykgestel word aan die kerk, sy ampte en lidmate.

Hier word die sinodale karakter van die kerk verruil vir 'n kongres met aksiekomitee; die ampte; lerend word kursusleier en regerend word persoonlike werkers en die gemeente die massa wat in die aksie betrek moet word; die evangelie word skolings en kursusmateriaal.

Laasgenoemde is belangrik: die gemene deler hier van kerk en sekte is dat die Woordbediening na inhoud (die evangelie) nou skolings – en kursusmateriaal is vir ongeskoolde massas. In die evaluering sal ons nog terugkom op die aanbieding.

Maar die duidelike feit is egter dat wat die basiese aanbieding van die inhoud van die A.J.K. en Gemeentebou betref, hulle identies met sekte en buite-kerklike geestelikheid is.

2. DIE DOELSTELLINGS VAN DIE AKSIES SE INISIATIEWE

Ons kan nou die doel van die kursus (met name die boekies) deurskou n.a.v. die A.J.K. en Doelgerigte Gemeentebou. Volgens die "Handleiding vir die persoonlike werker" uitgegee deur die Jeugaksiekomitee is die doel en opset van "die kursus":

"Hoe om sekerheid van eie verlossing te kry.

Hoe om daaglik die oorvloedige Christelike lewe te lei in die krag van die Heilige Gees.

Hoe die Here hom wil gebruik in die koninkryk van God en Homself daarvoor beskikbaar stel; en hoe om op 'n praktiese wyse die ander dan weer self toe te rus om self te begin om andere na Christus te lei, hulle op te bou en uit te stuur (bl.9)."

Die doel en opset kan nie duideliker wees nie. Die inhoud van die kursus het die pretensie om van so 'n aard te wees dat iemand daardeur tot die volle geloofskennis en sekerheid kan kom wat tot saligheid nodig is.

Meer as dit, naas die aangeduide doelstelling word nog 'n doel, dit is 'n tweede, duidelik los van die eerste doel onderskei. Dit word aangedui as "oorvloedige lewe" verwysend na die volle Christenskap. Dit bestaan daarin om 'n lewe te lei in die krag van die Heilige Gees. Die tweede deel handel dus oor hoe om in volle besit van die krag van die Gees te lewe. Die derde aanduibare doel is dat die persoon wat die tweede doelstelling bereik het, nou weer in diens sal kom om ander weer tot die twee doelstellings te begelei. Verder, hulle weer te lei om ander op te lei om ander tot die twee doelstellings te lei.

Die basiese inhoud is dus die twee dele:

1) hoe om die ware lewe te kry

2) hoe om die krag van die Gees te kry om oorvloedig die lewe wat jy gekry het te lei.

Die doel van die kursus is dus om van "mense" volwasse Christene te maak. Die inhoud wat tot die volwasse Christendom lei, is twee aparte identifiseerbare ervarings wat deur die twee boekies na inhoud aangedui word. Dit is baie belangrik. Na die doel is die inhoud van die boekies volledig en voldoende om mense tot die genoemde doelstellings te lei.

Die doel en opset van die kursus van Dinamiese Gemeentebou, nou Doelgerigte Gemeentebou, is wesenlik dieselfde. Hulle wil mense lei tot ware Christenskap met die boekie "Godsdiens kan gevaarlik wees" of die weergawe vir die kinders "Jesus wil by jou kom bly".

Na die ervaring kom 'n tweede, van die eerste duidelik onderskeibare ervaring as doel: om 'n gehoorsame en dinamiese Christen te wees. Dit gebeur as jy deel kry aan die vervulling met die Heilige Gees. Na die "gehoorsaamheid" kom daar nog ervarings of doelstellings elkeen met sy eie "hoe om wat te doen om wat te kry."

Ten opsigte van die kommissiewerk is dit weer eens baie wesenlik tot die inhoud van die kursus dat alle genoemde aksies (1-11) nie net wesenlik dieselfde doelstellings het nie, maar ook elkeen hulle boekie no. 2 het. Die tweede boekie word aangedui as geesvervulling of geestesdoping (C.C.C./Rhema) maar na inhoud gaan dit hoe om onder die krag en beheer van die Heilige Gees te lewe.

Die is 'n tweede, naas die eerste duidelik onderskeibare ervaring en doelstelling.

Daarom het feitlik elke aksie sy eie boekie no. 2. Na doelstelling wil al die aksies van die Ned. Geref. Kerk tot by die mees ekstreemste sekte "sy mense" tot geestelike volwasse Christene met die twee boekies lei. Die twee boekies/geestesinhoude/ervarings is die fondament van al die geestelikheid wat verder volg. Hierin is kerk en sekte volgens die kursusse identies.

3. DIE INHOUDE VAN DIE AKSIES SE AANBIEDINGE

Gesien die feit dat al die aksies berus op die twee onderskeie dele soos aangedui, sal dit nodig wees om die inhoud van die twee dele in al die aksies met mekaar afsonderlik te vergelyk. So sal die "eie" aard van al die stof genoegsaam toegelig kan word.

DIE EERSTE AKSIEBOEKIE

3.1 'N ANALISE VAN DIE GEBEDE

Wat al die boekies van al die aksies in gemeen het, is dat hulle opgebou is uit 'n paar punte wat hulle doel en fokus bereik in 'n gebed wat as modelgebed aangegee word aan die einde van die boekies. Dit sou dus volgens die eie aard van al die boekies wees om die gebede as die volledige inhoud wat van die bearbeide verwag word, te beskou. 'n Vergelyk van die inhoude van die gebede sal die aard van die onderskeie boodskappe duidelik aan die orde stel. Hier volg die gebedsinhoude:

3.1.1 Jeugaksie proefuitgawe

Here Jesus ek wil voor u met berou erken
dat ek teen u gesondig het. Ek maak nou
die deur van my lewe vir u oop.
Kom in en reinig my van al my sonde.

Neem u plek in op die troon van my lewe,
dat ek
voortaan deur u regeer mag word.
Ek dank U, my Saligmaker dat u ingekom
het en dat ek nou 'n kind van God is.

1. Erken dat jy gesondig het.
2. Maak die deur van jou lewe oop.
3. Vra Jesus om in te kom en jou te reinig.
4. Vra Jesus om op die troon van jou lewe te kom. (Jesus doen dit)
5. Dank Jesus dat Hy ingekom het.
6. Dank Jesus nou is jy kind van God.

3.1.2 A.J.K. Kursus Jeug-tot-Jeugaksie

Liefdevolle God, ek erken dat ek 'n
verlore sondaar is. Ek dank u dat
Christus vir my sondes gesterf het.
Ek bring al my sonde na U toe en
bid om vergifnis.
Ek maak nou die deur van my lewe vir
U seun oop.

1. Erken dat ek verlore sondaar is.
2. Dank dat Christus vir my sonde gesterf het.
3. Lê sondes voor God, vra om vergifnis.
4. Maak die deur van jou lewe oop.

Here Jesus kom in en reinig my van al my sonde.

Neem die beheer van my lewe oor dat ek voortaan deur die Heilige Gees regeer mag word.

Ek dank U dat Christus in my lewe ingekom het en dat en nou U kind is. Amen.

3.1.3 Gemeenteboureeks Boekie 1

Dankie, Here Jesus dat U ook vir my liefhet.

Ek het U nodig.

Ek erken dat ek 'n sondaar is en dat ek myself nie kan red nie.

Dankie dat U in my plek gesterf het.

Ek bring nou al my sondeskuld na U toe.

Vergewe my.

Ek neem U nou as my Verlosser en Here aan.

Ek wil U van nou af elke dag volg.

Kom in my en neem die beheer van my lewe oor.

Is dit wat jy min of meer vir die Here wil sê?

Jy het Jesus Christus nou

in geloof aangeneem .

Waar is die Here

5. Vra Jesus om in te kom en jou te reinig.

6. Vra dat die beheer van jou lewe oorgeneem word.

(Jesus het nou ingekom).

7. Dank Hom omdat Hy ingekom het.

8. Dank Hom omdat jy nou kind van God is.

1. Dank Jesus dat Hy jou liefhet.

2. Bely jy het Hom nodig.

3. Erken dat jy 'n sondaar is.

4. Erken jy kan jouself nie red nie.

5. Dank Jesus Hy het in jou plek gesterf.

6. Bring jou sondeskuld.

7. Vra vergifnis.

8. Neem Jesus aan.

9. Bely jy wil Hom volg.

10. Vra Hom, nooi Hom om in te kom.

11. Vra om beheer oor te neem.

12. Jy sê dit vir God.

13. Jesus kom in as jy dit doen.

3.1.4 Gemeenteboureeks Boekie no. 3

Jy kan sê:

Dankie, Here Jesus, dat U my liefhet.

Ek is jammer dat ek tot nou toe ongehoorsaam was.

Vergewe my asseblief my sonde.

Ek maak die deur nou oop.

Kom woon in my.

Maak my U kind.

Het jy Jesus ingenooi? Dan het Hy ingekom. Dan is jy nou 'n kind van God.

Jy moet sê:

1. Dankie dat God jou liefhet.

2. Jammer jy was ongehoorsaam.

3. Vra vergifnis (sê).

4. Maak deur van jou hart oop.

5. Sê kom woon in my.

6. Vra (sê) maak my U kind.

7. Jesus doen dit.

8. Nou is hy in jou hart.

9. Nou is jy kind van God.

3.1.5 Dinamiese Gemeentebou Boekie no. 1

Jy kan byvoorbeeld sê:

Dankie Here, dat U ook vir my liefhet.

Ek het U nodig. Ek erken dat ek 'n sondaar is en myself nie kan red nie.

Dankie dat Jesus Christus in my plek gesterf het.

Ek bring nou al my sondeskuld na U toe; vergewe my.

Ek vertrou u nou en ek wil U elke dag met my hele lewe volg.

Kom woon in my en neem my lewe oor soos U belowe het. Bid dan nou so 'n gebed van oorgawe en Hy sal inkom soos Hy beloof het.

Jy moet sê:

1. Dankie dat God jou liefhet.

2. Bely jy het God nodig.

3. Erken jy is 'n sondaar.

4. Erken dat jy jouself nie kan red nie.

5. Sê Jesus dankie Hy het in jou plek gesterf.

6. Bring al jou sondeskuld na hom toe.

7. Vra vergifnis.

8. Sê God jy vertrou Hom.

9. Verklaar dat jy Hom wil volg.

10. Vra (sê) Hy moet in jou kom woon.

11. Vra (sê) Hy moet jou lewe oorneem.

12. As jy dit bid, kom Jesus in.

13. Dit is soos Hy beloof het.

3.1.6 Dinamiese Gemeentebou: Kinderboekie

Hoe maak jy die deur van jou lewe oop?

Deur eerlik te bid en vir die Here te sê:

* Dankie Here Jesus dat U my liefhet. (1)

* Ek erken teenoor U dat ek 'n sondaar (2)

is, en ek is jammer daaroor. (3)

* Dankie dat Jesus Christus vir (4)

al my sondes gesterf het.

* Ek bring nou al my sondes na (5)

U toe. Vergewe my (6)

* Kom woon in my want ek is (7)

U huis

* Gebruik my soos U wil (8)

Wanneer jy nou so 'n gebed bid (9)

dan kom Jesus in.

3.1.7 Die Afrikaanse Baptiste

Here Jesus Christus

Ek weet dat ek in my gedagtes, woorde en daade gesondig het. Daar is soveel goeie daade wat ek nie gedoen het nie.

Daar is soveel sondige daade wat ek gedoen het. Ek het berou oor my sonde en verlaat alles wat ek weet wat verkeerd is. U het U lewe aan die kruis vir my gegee. Dankbaar gee ek my lewe terug aan U.

Ek vra U om in my lewe in te kom.

1. Erken dat jy gesondig het.

2. Erken sondes van versuim.

3. Erken daadsondes (bely).

4. Kry berou oor sonde.

5. Verlaat jou sonde.

6. Bely Jesus het sy lewe vir jou gegee.

7. Gee jou lewe vir Jesus.

8. Vra Hom om in te kom.

Kom in as Verlosser en reinig my.
Kom in as Here en beheer my. Kom
in as Vriend en wees met my. En ek
sal U tot die einde van my lewens-
jare in algehele gehoorsaamheid
dien.
Jy het Jesus gevra om in jou lewe
te kom en Hy het ingekom.

3.1.8 Rhema

Liewe Vader: Ek weet dat ek geskei
is van U. Ek glo dat Christus ge-
sterf het op die kruis en het sy
bloed gestort vir my sondes; en
ek ontvang U vergifnis. Ek is
gewillig om weg te draai van my
weë en om U weë te volg. Here,
Jesus ek nooi U nou in my hart
in as my persoonlike verlosser.
Ek sal U volg en gehoorsaam as
die Here van my lewe – in Jesus
Naam.

3.1.9 Campus Crusade for Christ (Lewe bediening)

Here Jesus, ek besef dat ek my
lewe self beheer het en dat ek
teen U gesondig het. Baie dankie
dat U ook vir my sondes gesterf
het.
Ek maak die deur van my hart vir
oop en nooi U in as my Verlosser
en Here.
Ek neem U nou aan as my saligmaker,
my Verlosser en Here. Maak my die
soort mens wat U wil hê dat ek moet
wees.
Bid dan nou hierdie gebed en die Here
Jesus sal in u lewe inkom soos wat Hy
beloof het.

3.1.10 Jeug vir Christus

Liewe Vader: Ek erken dat ek 'n

9. Vra Hom om te reinig en te beheer.

10. Beloof jou algehele gehoor-
saamheid.

11. Jesus kom in as jy dit vra.

12. Nou is jy 'n Christen en gered.

1. Erken jy is van God geskei.

2. Sê jy glo Jesus het vir
jou gesterf.

3. Sê jy glo Jesus het sy bloed vir
jou gestort.

4. Ontvang (neem) vergifnis aan.

5. Verklaar jou gewillig om weg
te draai van sonde.

6. Verklaar jou gewillig om God
te volg.

7. Nooi Jesus in jou hart.

8. Jesus kom in.

9. Beloof gehoorsaamheid.

1. Erken dat jy jou lewe self
beheer.

2. Bely dat jy sondig is.

3. Sê dankie Hy het vir jou
sondes gesterf.

4. Maak die deur van jou hart oop.

5. Nooi Jesus in.

6. Neem Jesus aan.

7. Hy kom in soos Hy beloof het.

8. Vra dat Hy jou sal maak soos Hy jou
wil hê.

1. Erken jy is 'n sondaar.

sondaar is. Ek glo dat Jesus vir my sondes gesterf het. Ek is bereid om van my sondes weg te draai en Jesus as my Heer en Verlosser te volg. Vergewe my sonde en kom deel my lewe van nou af. Ek gee my lewe oor in U beheer. Ek het U nodig. Dankie vir my nuwe verhouding met U.

2. Sê jy glo Jesus het vir jou sonde gesterf.
3. Verklaar jou bereid om van jou sonde weg te draai.
4. Verklaar jou bereid om Jesus te volg.
5. Vra vergifnis.
6. Vra dat Jesus jou lewe deel.
7. Gee die beheer van jou lewe oor.
8. Sê jy het Hom nodig.
9. Nou is Jesus Christus persoonlik in jou lewe teenwoordig.
10. Dank hom vir die nuwe verhouding.

3.1.11 Internasionale Christelike Hospitaalbond

Here Jesus, ek besef dat ek 'n sondaar is wat 'n Verlosser nodig het. Dankie dat U aan die kruis vir my sonde gesterf het en met eie bloed vir my sonde betaal het. Ek ontvang U as my Verlosser en die koning van my lewe. Dankie dat U in my lewe ingekom het soos U ook in U Woord beloof het om te doen. In Jesus se Naam.

1. Bely (erken) jy is 'n sondaar wat verlossing nodig het.
2. Sê dankie Jesus het vir jou sonde gesterf.
3. Dat Hy betaal het.
4. Ontvang Hom (aanneem).
5. Hy kom in jou lewe in.
6. Dank Hom omdat Hy ingekom het.

3.1.12 Christensakemanne van Suid-Afrika

Hemelse Vader:
Ek weet dat ek 'n sondaar is en dat ek U vergifnis nodig het. Ek glo dat Jesus vir my sondes gesterf het en ek is gewillig om my te bekeer van my sondes. Ek vra U nou Heer Jesus om my hart en lewe oor te neem as my persoonlike Saligmaker. Ek is gewillig deur U genade, om Christus te volg en Hom te gehoorsaam as Heer en Meester.
Het u dit eerlik bedoel? Het u werklik die Here Jesus gevra om U hart en lewe oor te neem? Waar is Hy dan op hierdie oomblik?

1. Erken (bely) jy is 'n sondaar
2. Bely jy het vergifnis nodig.
3. Sê jy glo Jesus het vir jou sonde gesterf.
4. Verklaar jou gewillig om van sondes te bekeer.
5. Vra Jesus om jou hart oor te neem.
6. Hy kom in en neem oor.
7. Verklaar jou gewillig om Hom gehoorsaam te wees

3.1.13 Dr. James van Zijl

Liefdevolle Vader, ek erken dat ek 'n sondaar is. Ek dank U dat Christus vir my sondes gesterf het. Ek bring al my sondes na U toe en bid om vergifnis. Ek maak nou die deur van my lewe vir U Seun oop. Here Jesus kom in en reinig my van al my sonde. Neem die beheer van my lewe oor dat ek voortaan deur die Heilige Gees regeer mag word. Vader ek dank U, dat Christus in my lewe ingekom het en dat ek nou U kind is. Amen.

1. Erken jy is 'n verlore sondaar.
2. Dank God dat Jesus vir jou sondes gesterf het.
3. Bring jou sondes na God.
4. Vra vergifnis.
5. Maak die deur van jou lewe oop.
6. Nooi Jesus in.
7. Vra Hom om beheer oor te neem.
8. Jesus kom in.
9. Dank Hom dat hy nou ingekom het
10. Dank Hom dat jy nou kind van God is

3.1.14 Lane Flint

"Liewe Vader, ek weet dat ek 'n sondaar is en vergifnis nodig het. Ek glo dat Jesus vir my sondes gesterf het. Ek wil nou met die sonde breek en wil dat Jesus my hart vul."

Hyself som dit as volg op:

1. Erken jou nood. (Ek is 'n sondaar).
2. Wees gewillig om met die sonde te breek.
3. Glo dat Jesus vir jou aan die kruis gesterf het.
4. Nooi Jesus in gebed om in jou lewe oor te neem (Redder en Here).
5. As jy dit doen kom Jesus in."

3.2 DIE GEBEDE: 'N VERGELYKING VAN DIE INHOUDE

3.2.1 DIE UITNODIGING OM IN TE KOM, AAN JESUS

'n Deurskouing van die fokus van die boodskap van al die aksies wys die identiese karakter van die gebede duidelik uit. Al die gebede het dieselfde wentelpunt, doel en klimaks. Die vraag waarin die mens aan Jesus die uitnodiging stel om "in sy hart en lewe in te kom". Dat hierdie uitnodiging van die mens aan Jesus, die doel van al die erkennings, verklarings, vrae, dank en belydenisse is wat in die gebed geëis word, blyk verder uit die toetsvrae en versekerings waaraan die mens getoets word na die gebed. Al die gestelde inhoude word gekwalifiseer vanuit die sentrale motief.

3.2.1.1 Proefuitgawe A.J.K.

Die vooraf versekering op bl.13 aan die een wat wil bid, omdat hy dit begeer, is dat Christus wel sal inkom in sy lewe – want dit is die belofte van God: as jy so bid, sal Hy inkom. Die belofte van God (verbond) is dus na sy inhoud: as jy Jesus vra om in te kom, sal Hy inkom (ons sal later op hierdie verbondsbegrip inhoudelik terugkom).

Na die gebed, op bl.14, word drie toetsvrae gestel: "Het u die Here aangeneem?" Die vraag verwys na die gebed. Dit is dus duidelik dat aanneem dui op al die handeling wat in die gebed aangedui word, maar veral op die wentelpunt: vra Jesus om in te kom.

Die sentrale inhoud van Jesus aanneem lê dus in die versoek of uitnodiging aan Jesus dat hy moet "inkom". Dit is ook duidelik in die toetsvrae op bl.12. Die laaste vraag is duidelik in sy inhoudelike strekking: "Wil u Christus in u hart innooi?" Die toetsvraag op bl.14 is ook duidelik: "Waar is Hy nou wat uself aanbetref?" Die vraag dui op wat sou gebeur het. Voor die vraag en uitnodiging is Jesus buite die hart en lewe. Na die uitnodiging is hy binne.

Verder, die vraag veronderstel dat jy Jesus self – as Christus en Here – in jou kry; die weldaad wat jy verkry uit hierdie uitnodiging is nie soseer vergifnis, regverdiging of heiliging nie. Die inhoud van die weldaad is dat Jesus na sy volle identiteit as Christus en Here – na sy wese – in jou kom. Dit is, die identiteit en wese van Jesus self, kom in jou.

Dit is die inhoudelike kwalifikasie van die vraag/stelling: "Het jy die Here Jesus aangeneem?" Dat hier enigsins van geloof in Christus se heilswerk en heilsvdienste sprake is, is buite die kwessie. Op bl.12, 13, 14, 15, is geloof nie ter sprake nie, dit kom in 'n aangehaalde teks voor.

Uit die tweede laaste sin op bl.15 is dit ook duidelik: geloof is om Jesus se identiteit as Here en Christus aan te neem, dit is, in jou te laat inkom deur die uitnodiging aan Jesus te rig. Dit is die weldaad wat deur hierdie daad ontvang word.

Hierdie handeling, om Jesus uit te nooi, verander die status van die mens.

Uit punt 7 van die proefuitgawe blyk dit duidelik: "U kan nou 'n kind van God word". As hierdie opskrif met die gebed vergelyk word, is die inhoud duidelik: Neem U plek in op die troon van my lewe dat ek voortaan deur U regeer mag word. Ek dank u saligmaker dat u ingekom het en dat ek nou 'n kind van God is" (bl.13). Die "nou" as tydsaanduiding is duidelik na sy inhoud: Voor Jesus nie in jou ingekom het nie, is jy nie 'n kind van God nie. As jy Hom innooi en Hy kom in dan is jy kind van God, meer, het jy kind van God geword. Daarom volg daar direk 'n dankgebed na die uitnodiging: "Ek dank u dat u ingekom het en dat ek nou 'n kind van God is."

Dit sou totaal onsinnig wees om te wou beweer uit hierdie stof dat 'n mens 'n kind van God is al is Jesus nie in jou nie. Verder, dat Hy in jou sou wees voor jy Hom uitgenooi het.

Dit word bekragtig en bevestig op bl.15. Die verandering van 'n mens waar Jesus buite is en Jesus binne is, word wedergeboorte genoem. Dit is hoe jy kind van God geword het, toe Jesus in jou ingekom het, deur geboorte: die inkoms van Jesus is die geboorte proses. Dit word bevestig in die laaste sin: "Omdat God u die wedergeboorte gegee het en u Hom aangeneem het, is u Sy kind ..." bl.13.

Uit die laaste toetsvrae en versekerings van die proefuitgawe is die volgende dus duidelik:

- a.) Die vraag aan Jesus om in te kom, is die groot en finale daad waardeur 'n mens die beloofde lewe ontvang.
- b.) Die vraag is na sy inhoud 'n uitnodiging wat die mens aan Jesus stel.
- c.) Die mens stel die uitnodiging omdat hy die beloofde weldaad wil hê en dit begeer.
- d.) Die weldaad wat die mens ontvang is nie na sy inhoud vergifnis nie, dit is die geregtigheid en heiligheid van Jesus, maar die volle wese en die identiteit van Jesus as Christus en Here as synde in hom.
- e.) Die belofte van God is 'n belofte dat 'n mens Jesus ontvang as jy dit vra.
- f.) Die verandering wat met die uitnodiging plaasvind van Jesus buite na Jesus binne, is wedergeboorte.
- g.) Deur die vraag en die inkom van Christus word jy, wat nie kind van God was nie, nou kind van God.
- h.) Die verandering is 'n posisionele verplasing van Jesus van "buite" na "binne".
- i.) Die kwalifikasie vir "buite" en "binne" is die "hart" en "lewe" van die mens.
- j.) Die verandering wat die mens in die geboorte ondergaan is dat hy nie meer in beheer van sy lewe is nie.

Bogenoemde word alles voltrek in die wentelpunt nl. die uitnodiging aan Jesus en Sy reaksie volgens God se belofte.

3.2.1.2 **Finale uitgawe A.J.K.**

Met hierdie uitgawe het daar 'n verskrywing van die proefuitgawe plaasgevind. Die hoofmotief was om die proefuitgawe so te verander dat dit meer op die belydenisse van die kerk geskoei kon wees. Inhoudelik het dit egter weinig t.o.v. die wentel – en kernpunt verander.

Die wentelpunt in die gebed is steeds die mens wat sy lewe oopstel en Jesus innooi. Direk na die uitnodiging volg die dank dat Jesus ingekom het en dat "ek nou U kind is" (bl.13). Hierdie wentelpunt word ook op bl.12 as die finale handeling aangedui, ook met Openbaring 3:20 (nes die proefuitgawe) as steunpunt.

Verder bly die handeling duidelik: "Wil u Hom nou in u lewe innooi?" (bl.12).

Die drie basiese toetsvrae bly: "Het u die Here Jesus aangeneem? Waar is Hy nou wat uself betref? Hoe weet u dit?" Die inhoud van God se belofte bly ook dieselfde: "Bid dit nou en die Here Jesus sal soos Hy belof het, in u lewe inkom." (bl.13). Die verandering van Jesus "buite" na Jesus "binne", bly wedergeboorte en die gronde vir die feit dat jy nou 'n kind van God is, nou na die gebed (bl.14; bl.15). Die verandering in die mens bly steeds dat hy die beheer van sy lewe oorgegee het. **Dus ten spyte van enkele byvoeginge, vervoegings en tekslesings bly die kerngebeure soos onder die proefuitgawe aangedui dieselfde (a. tot j.).

3.2.1.3 Doelgerigte Gemeentebou boekie 1 en 3

Ook in hierdie aanbieding vorm die uitnodiging aan Jesus om in te kom die kern van die gebed. Dit blyk uit 'n vergelyking met die derde boekie wat dieselfde inhoud aan kinders verduidelik. Die boekie is gestroop van die poginge om die kerninhoud met tekste en stellings omslagtig te maak.

Die kernhandeling word onverbloemd genoem: "Jy maak die deur van jou hart oop sodat Jesus kan inkom." Boekie 3 bl.7). Die "kom woon in my"(bl.11) word eenvoudig in Boekie 3 verduidelik: "Jy doen dit deur te bid en te vra dat Hy inkom." Dat dit 'n uitnodiging is, is duidelik: "Het jy Jesus ingenooi?" (bl.9; bl.32) en "Dan het Hy ingekom". Weereens het belofte weer dieselfde inhoud: "Hoe weet jy dit? – Omdat Jesus self in Openbaring 3:20 belowe het. Hy doen wat Hy belooft."

Die ergste vorm van jy-is-nie-'n-kind-van-God-voor-jy-nie-die-uitnodiging-aan-Jesus-gerig-het-nie-kom voor in hierdie boekies:

Bl.1 "As jy nog nie 'n kind van God is nie, kan die saak nou reggestel word." (bl.10; bl.3; bl.7). "Hoe word jy 'n kind van God?" (bl.9). "Dan is jy nou 'n kind van God." Jesus self bly die inhoud van die gawe, na sy wese en identiteit: "Jesus moet inkom en die verandering kan nie duideliker aangedui word in die vraag "Waar is die Here nou met betrekking tot jou lewe: binne of buite?"

Dit som alles op: Jesus moet 'n verandering ondergaan t.o.v. jou lewe. Dit is die heilsgebeure wat moet plaasvind om jou 'n kind van God te maak. Jy neem Jesus nie aan deur in Hom te glo vir wat Hy is en doen nie, nee "Hoe neem 'n mens Jesus aan? Jy neem Hom aan deur 'n gebed". (Bl.13). Ten opsigte van beide die proefuitgawe en finale uitgawe van die A.J.K. is hierdie die kerninhoude na feit en inhoud en dit is identies met Doelgerigte Gemeentebou.

3.2.1.4 Dinamiese Gemeentebou

Die inhoude is soos in Doelgerigte Gemeentebou en die A.J.K. – stof aangedui identies. Hier word die verandering ook as die wedergeboorte aangedui. Die karakter van die handeling kan ons naas (a-j) in 3.2.1.1 goedsikks verder kwalifiseer as:

k.) Voor die vraag nie gevra is nie, is jy nie wedergebore of gered nie.

l) Jesus word nie aangeneem deur in Hom te glo as middelaar vir sy heilsverdienste nie, maar deur Hom te vra om in te kom.

3.2.1.5 Die Afrikaanse Baptiste Kerk

Na inhoud en vorm is die wentelpunt in die gebed ook identies met die van al die aanbiedinge in die Ned. Geref. Kerk. Al die fasette uit die toetsvrae en aanbieding van die wentelpunt is hier net so na vorm en inhoud identies.

Verder, in die Baptiste weergawe word sekere fasette meer toegelig. Hierdie fasette ontbreek egter nie in die Ned. Geref. literatuur nie, maar is ook inhoudelik deel van die Ned. Geref. Kerk se aanbiedinge. Ons wys op die volgende:

Op bl.10 van die Baptiste uitgawe word die wentelpunt as die "laaste stap" aangedui. Hulle onderskeid is duidend en geldend vir al die literatuur wat voorhande is. Volgens hulle is daar dinge

wat jy moet "erken": dat jy gesondig het; dat jy gegrief oor jou sonde moet wees; dat jy jou sonde moet haat en die wil moet hê om weg te draai daarvan. Jy moet ook iets glo: Jesus het gesterf. Jy moet verder die eise oorweeg. Eers dan word die wentelpunt aangedui, jy moet iets doen en dit is om Jesus te aanvaar. As jy nie die laaste stap sou doen nie beteken dit dat al doen jy al die ander stappe is dit tevergeefs:

"So baie laat hierdie laaste stap by hulle verbygaan en leer hulle gevolglik nooit om Jesus te ken nie." (bl.10).

Dit word dus duidelik gestel, wie nie die laaste stap doen nie, doen die res tevergeefs. As dit by jou verbygaan ken jy Jesus nie. Die volgende is dus onteenseglik waar en kan as kwalifikasie ook t.o.v. die Ned. Geref. literatuur bygevoeg word:

- m) Om Jesus te aanvaar is iets anders as erkenning van sonde, geloof in wat Jesus aan die kruis gedoen het en om die keuse te oorweeg.
- n.) Om Jesus te aanvaar is om "Hom" in jou lewe in te nooi.
- o.) Dit is nie deur die berou, belydenis en geloof wat jy van sonde gereinig word nie, maar deur die "innooi".
- p.) Jy aanvaar nie sy heilsverdienste nie maar Jesus self na sy identiteit en wese.

Vergelyk ons hierdie eksplisiete verduideliking van die Baptiste met die inhoud van die aanbiedinge in die Ned. Geref. Kerk is dit duidelik: Hier is geen verskil nie, die inhoud is identies.

As hierdie laaste stap, wat in die gebede as iets totaal anders as erkenning van skuld, vra van vergifnis en geloof in wat Jesus aan die kruis gedoen het aangedui word, nie geneem word as laaste en finale stap nie, maak dit die hele aanbieding sinloos. Punte m - p soos hier aangedui is identies met die van voorbeelde van die Ned. Geref. Kerk.

Die gebruik van Openbaring 3:20 word deur die Baptiste weergawe ook baie duidelik gestel. Openbaring 3:20 is na sy inhoud geensins 'n verduideliking van wat geloof of bekering is nie. Openbaring 3:20 is die afsonderlike, nuwe en duidelik van geloof en bekering onderskeibare inhoud van die laaste stap, aanneming.

"Daar is seker geen teks in die Bybel wat hierdie stap so omskryf soos Openbaring 3:20 nie." En dan word hierdie stap gestel teenoor sonde erken, glo aan die kruisdood en wil om Jesus te volg as "Jy word 'n Christen wanneer jy die deur van jou lewe vir Jesus Christus oopmaak en Hom toelaat om binne te kom en in jou lewe te woon." (bl.10, 11).

Dit word as afsonderlike – naas geloof en bekering – nuwe, aanvullende en voltooiende daad aangedui met die opvolgende vraag:

"Het jy al ooit hierdie stap geneem?" (bl.11).

Die implikasie is duidelik, as die stap ontbreek ken jy nog nie vir Jesus nie. Al het jy die eerste drie stappe (bl.10) geneem. Ons kan dit dus verder kwalifiseer as (m - p) met name

q.) Al glo jy (dat Jesus aan die kruis gesterf het) en bekeer jy (erken sonde; berou; haat; wegvlug) is jy nog nie 'n Christen nie. (Want jy het nie die laaste stap geneem nie)

r.) Geloof en bekering word aangevul en voltooi in hierdie finale stap waar Jesus ingenooi word.

Wat van die Baptiste waar is, is net so waar van die Ned. Geref. Kerk se literatuur soos voorgelê. Wie nie die finale stap neem nie, d.i. om Jesus in te nooi en in te laat kom nie, is nie 'n kind van God nie. Indien dit wel so kan wees, verval die hele inhoud en aanbieding na sy doel en betekenis.

Die verdere aanduiding is ook ter sake: "Jy kan gedoop wees, as lidmaat aangeneem wees, die dienste bywoon, ja selfs Bybel lees en bid, en nog steeds Jesus Christus buite die deur van jou lewe laat bly. Beantwoord hierdie vraag eerlik.

"Is Christus binne of buite jou lewe?

Gaan jy Hom inlaat of buite laat bly?" (bl.11).

Die aggressie en venyn teen God se verbondsbelofte en die status van verbondskinders in die verbond kan nie meer blatant en genadeloos wees nie. Dit kan ook nie anders nie. Die nuwe verbondsbelofte word na sy inhoud op bl.14 aangedui: "Glo sy belofte: As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe." Openbaring 3:20 (bl.14). As dit God se verbondsbelofte is, is die Baptiste se aggressie teen enige ander tipe verbondsbelofte geldig. Die verbondsbelofte is: "As jy Jesus innooi sal Hy inkom." Dit wil sê voor hierdie handeling van die mens kan hy nie deel van God se belofte wees nie. En dit is tog die inhoud van die verbond: om deel te wees van die belofte van God!

Wie Jesus nie ingenooi het nie staan dus buite die verbond (die belofte is tog: eers as jy vra sal jy deel hê aan die belofte dat God inkom).

Daarom word die verbondsteken, die doop, die verbondsbeleving om as lidmaat aangeneem te wees; die verbondsgehoorsaamheid om die eredienste by te woon; God in gebed aan te roep en Sy Woord te lees en te oordink so vernietigend aangeval. In hierdie aggressie van die Baptistiese verbondsleer (as jy Jesus innooi, eers dan deel jy in die verbondsbelofte wat is: God kom in jou in) word enige tipe deelagtigheid van iemand aan God se verbond vernietig en as sinlose godsdiens veroordeel.

Hoe vergelyk dit met die literatuur van die Ned. Geref. Kerk? Staan dit buite hierdie aggressie en venyn en aanval op die verbond?! Dit is die ontstellende, juis nie! Dit is met die Baptiste inhoud identies.

In die ontleding van die proefuitgawe het ons reeds vasgestel (punt 5), dat die belofte van God 'n belofte is dat 'n mens Jesus in jou ontvang en dat Hy in jou inkom as jy Hom vra. Die verbondstroos is dat jy seker kan wees dat Hy sal inkom as jy Hom vra.

Jy hoef nie te twyfel, d.i. dat Hy sal inkom nie. Meer nog, voor Hy nie ingekom het nie is jy nie 'n kind van God nie. Dus, die belofte van God is dat jy seker kan wees dat jy 'n kind van God SAL WORD/SAL WEES, AS jy Hom vra om in te kom.

r.) Die Ned. Geref. literatuur het dieselfde verkondiging oor wat die inhoud van die verbond is as die Baptiste.

Ten opsigte van die aggressie teen enige ander (Gereformeerde) verbondenheid is die literatuur ook identies.

Met die verskil dat waar die Baptiste openlik vyandig is, word die vyandigheid in die Ned. Geref. literatuur aan die eenkant verbloem maar tog aan die anderkant openlik blatant verkondig.

In die proefuitgawe word enige moontlike verbondsinhoude dat die een wat Jesus moet innooi gedoop is, aangeneem is en 'n getroue lidmaat is eenvoudig verswyg.

Hierdie eis – as jy nie die uitnodiging gemaak het (al glo en bekeer jy) is jy nie waarlik 'n kind van die Here – word eenvoudig op almal van toepassing gemaak. Indien mens in ag neem dat die meeste van die 220 000 kinders wat die besluit geneem het reeds N.G. lidmate was, word die aggressie sigbaar: hulle het geen verbondsbelofte of inhoud gedeel voor hierdie inhoud nie. Om te sou wou beweer dat 'n mens aan God se verbond kan deel – sonder om aan die belofte (Jesus sal inkom) te deel, is sinlose en deursigtige retoriek.

Verder, in die finale uitgawe van die A.J.K. word na alles (nadat jy kind van God geword het; nadat Jesus sy belofte nagekom het o.g.v. – jou gehoorsaamheid) dit kortliks gestel: "Immers God het reeds sy verbintenis met u in die doop verseël. Dat hierdie sin die verbond sou handhaaf is van alle waarheid ontbloot.

Al wat hierdie "verbintenis van God" kan inhou is dat Hy by jou doop beloof het dat hy sal "inkom" eendag as jy Hom "uitnooi". Dat Jesus reeds "in die kind" by die doop is, is teen die hele inhoud van die Baptistiese verbondslere soos hier gehuldig.

Die verwysing na die doop hier is nie 'n erkenning, maar miskenning en ontsegging van die verbondsinhoud. God se betrokkenheid is 'n verbintenis sonder inhoudelike deelname aan die belofte: "Jesus sal in jou wees/kom".

Wat waar is van die A.J.K. is meer waar van Doelgerigte Gemeentebou. Na jy Jesus ingenooi het kom die opmerking: "Nou verstaan jy hoekom jy gedoop is." (B 3 bl. 9). Die implikasie is duidelik n   is jy deel van God se belofte en nou verstaan jy sy verbond. Lees dit saam met die aanbieding: "Godsdiens kan gevaarlik wees." Meer vyandigheid teen die kerk bestaan daar nie. Voor jy nie hierdie stap geneem het nie, is jou godsdiens gevaarlik.

As verder onthou word hierdie is 'n kursus vir Ned. Geref. lidmate, verbondsmense allereers (hulle moet hierin geskool word as sogenaamde toerusting) – is dit duidelik:

Die Ned. Geref. Kerk deel die vyandigheid en venyn teen enige verbondsinhoude anders as "Jesus beloof Hy sal inkom." Voor die stap is jy nie kind van God nie en nie deel van sy verbond nie.

Ook t.o.v. die inhoud is die Baptiste inhoud identies met die Ned. Geref. Kerk uitgawes.

3.2.1.6 Rhema tot en met Lane Flint

Ook hier is die inhoudes identies met die Ned. Geref. Kerk – Openbaring 3:20 is en bly na die inhoud soos aangedui die wentelpunt. Dit is onteenseglik duidelik dat t.o.v. hierdie uitnodiging om Jesus uit te nooi, na die inhoud, omvang en reikwydte, is al die stof voorgelê – identies soos aangedui in a tot r (Jeug vir Christus se teksaanbieding verskil maar nie die inhoudes nie).

3.2.2 DIE ANDER GEBEDSELEMENTE

3.2.2.1 Afgestem op die beslissende daad

Al die ander aangeduide gebedselemente is afgestem op hierdie finale stap. Dit gee aan hierdie ander elemente 'n voorlopige karakter. Die daad tot kindskap van God bestaan uit al die elemente, maar in samehang met en tot laaste aksie om jou lewe oop te maak en Jesus in te nooi.

3.2.2.2 Die handeling van 'n ongeredde

Binne die konteks is dit duidelik dat eers na jy Jesus ingenooi het kom Hy in, nie voor die tyd nie. Meer as jy nog nie die handeling uitgevoer het nie is jy nog nie 'n kind van God nie. Eers in en met en na die uitnodiging aan Jesus kom Hy in en word jy 'n kind van God. Dit plaas die handeling voor hierdie daad binne 'n bepaalde perspektief.

Dit is die handeling wat uitgevoer word deur iemand wat nie 'n kind van God is nie en nie gered of salig is of die Ewige Lewe het nie, maar dit verkry deur die finale daad om Jesus uit te nooi.

3.2.2.3 Die handeling vanuit die wil tot kindskap

'n Ander vaste element in al die gebede is dat die gebed gebed word uit die vaste begeerte en wil van iemand in wie Jesus nie is nie maar Hom binne wil hê. Wie nog nie kind van God is nie maar nou kind van God sal wees as hulle die gebed gebed het.

Proefuitgawe: "Vertolk hierdie gebed die begeerte van u hart? Indien wel, bid dit nou en Christus sal, soos Hy beloof het in u lewe inkom." (bl.13) (Finale uitgawe A.J.K. bl.13).

Doelgerigte Gemeentebou Boekie 1: "As jy nog nie 'n kind van God is nie kan die saak nou reggestel word ... om dit te laat gebeur moet jy gewillig wees om die volgende te doen". (bl.10). "Is dit min of meer wat jy vir die Here wil sê?" (bl.11). Boekie 3: "Jy kan nou so bid – as jy wil". (bl.7)

Dinamiese Gemeentebou is soortgelyk.

Baptiste: "Jy wil Hom vra om in te kom ..." (bl.12)

Rhema: "Bevestig hierdie gebed die begeerte van jou hart? Indien wel, bid nou en Jesus sal in jou lewe kom soos Hy beloof het".

C.C.C.: "Sou u dit vir die Here wou sê en dit bedoel? Indien ja: bid dan nou hierdie gebed en die Here Jesus sal in jou lewe inkom soos wat Hy beloof het." (bl.13).

Jeug vir Christus: "Wil jy graag sommer nou 'n persoonlike verhouding met God begin? Sê dit vir Hom." Dit is deurgaans by kerkliteratuur en sekte literatuur identies. Die mens word veronderstel as iemand wat nog nie gered of kind van God is nie, maar die wil en begeerte het en uit die wil en begeerte doen wat nodig is om kind van God te word. Al die handeling in die gebed dra die kwaliteit en karakter by kerk sowel as by die sekte.

3.2.2.4 'n Handeling uit die vrye keuse van die mens

Die hele vraagkarakter van bogenoemde veronderstel dat die mens die vrye keuse het of hy die gebed wil bid of nie. Dit is die gebed waarin hy al die handeling voltrek waarin en waardeur hy kind van God word. Wat eksplisiet deur C.C.C. gestel word, is nie uniek aan hulle inhoud nie. Dit is net die implisiete karakter van die hele vraag na die wil en begeerte tot kindskap van 'n ongeredde in al die ander literatuur ook: "Indien nee: of as u nie nou al seker is nie, moet u hierdie voorafgaande waarhede versigtig oordink. U is verantwoordelik voor God vir u keuse." (bl.13).

3.2.2.5 'n Daad met 'n verskeidenheid inhoude/dele

Anders as in die Gereformeerde tradisie waar dit alleen nodig is om net te glo tot saligmaking en kindskap van God word hier 'n hele reeks onderafdelings van die handeling tot kindskap van God genoem. Dit is verhelderend om vanuit al die voorbeelde (dat 'n reeks handeling tot saligheid nodig is) 'n saamgestelde weergawe te maak. Vir die feit dat 'n hele reeks handeling nodig is om kind van God te word, is al die voorbeelde van kerk en sekte identies. Vgl. die volgende samestelling:

1. Jy moet erken dat jy gesondig het; verlore sondaar is; sondes van versuim; daadsondes.
2. Jy moet sê jy is jammer jy was ongehoorsaam.
3. Jy moet berou hê oor jou sonde.
4. Jy moet die sonde verlaat.
5. Jy moet erken dat jy van God geskei is.
6. Jy moet erken dat jy jou lewe self beheer.
7. Jy moet gewillig wees om met jou sonde te breek.
8. Jy moet erken dat jy jouself nie kan red nie.
9. Jy moet erken dat jy vergifnis nodig het.
10. Jy moet erken jy het verlossing nodig.
11. Jy moet die Here dank dat Jesus vir jou sondes gesterf het.
12. Jy moet God dank dat Jesus in jou plek gesterf het.
13. Jy moet erken dat Jesus sy lewe vir jou gegee het.
14. Jy moet vir Jesus sê jy glo Hy het vir jou sonde gesterf.
15. Jy moet vir Jesus dank dat Hy vir jou sondes betaal het.
16. Jy moet glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het.
17. Jy moet jou sondes voor God lê.
18. Jy moet God om vergifnis vra.

19. Jy moet jou gewillig verklaar om sondes te los.
20. Jy moet Jesus vra om jou van sondes te was.
21. Jy moet Jesus vra om jou van sonde te reinig.
22. Jy moet die deur van jou lewe oopmaak.
23. Jy moet die deur van jou hart oopmaak.
24. Jy moet jou lewe aan Jesus gee.
25. Jy moet Jesus vra om jou hart oor te neem.
26. Jy moet Jesus vra om in te kom.
27. Neem Jesus aan.
28. Jy moet sê: Jesus kom woon in my.
29. Jy moet Jesus vra om in jou te kom woon.
30. Jy moet Jesus vra om in jou te kom woon want jy is sy huis.
31. Jy moet Jesus innooi.
32. Jy moet Jesus vra dat Hy jou lewe deel.
33. Jy moet Hom ontvang.
34. Jy moet Jesus vra om op die troon van jou lewe te kom.
35. Jy moet Jesus vra om die beheer van jou lewe oor te neem.
36. Jy moet Jesus vra dat die Gees jou regeer.
37. Jy moet Jesus vra om jou te reinig en te beheer.
38. Jy moet die beheer van jou lewe oorgee.
39. Jy moet Jesus vra dat hy jou gebruik soos Hy wil.
40. Jesus doen dit. Dit gebeur.
41. Sê vir Jesus dankie dat Hy ingekom het.
42. Sê vir Jesus dankie want nou is jy kind van God.
43. Beloof jou gehoorsaamheid aan die Here.
44. Vra dat Hy jou sal maak soos Hy jou wil hê
45. Dank Hom vir nuwe verhouding.

Hierdie saamgestelde weergawe van wat 'n mens moet doen sódat Jesus in jou kan inkom en jy 'n kind van God kan word gee die hart van hierdie metodistiese godsdiens weer. Ten opsigte van die weergawe enkele opmerkinge.

3.2.2.5.1 Dit is duidelik dat geen voorgelegde voorbeeld poog om so 'n geheelseis te stel nie.

3.2.2.5.2 Wat egter ook duidelik is, is dat nie een van die 45 stelreëls 'n inhoudelike afwyking is van enige van die gespreksboekies se inhoud nie. Dit is eerder na inhoud implisiet vervat in die enkele stelreëls wat deur elke boekie gekies word. Vergelyk die lys in A reeks: "om sonde met berou te erken" of "te erken dat jy 'n verlore sondaar is." Sluit die geheel van die reeks na inhoud in. Dit geld vir al die reekse A tot I.

3.2.2.5.3 Dit is duidelik dat uit die moontlikhede van die 45 reëls elke

opsteller sy eie metode kan uitwerk.

3.2.2.5.4 Verder, die metode is na vorm en na inhoud nie enigsins willekeurig nie, maar vorm 'n vaste metodestruktuur. Al die voorbeelde van kerk en sekte begin met erkenning van sonde en verlorenheid, word opgevolg deur die erkenning van Jesus se dood aan die kruis, dan die kernkombinasie: oopmaak en innooi; dan kom die handeling van Jesus: Hy kom in. Dit word met dank en belofte van toewysing afgesluit.

Hierin is kerk en sekte dus identies. "n Reeks van onderskeibare dade met 'n vaste metode na vorm en inhoud is nodig om deel te wees van "Jesus in jou" en om kind van God te wees.

3.2.2.6 Die inhoud van die afsonderlike dade in die metode

3.2.2.6.1 Sonde erkenning

Hierdie handeling bevat oppervlakkig al die dele wat die kerk as bekering van sy lidmate eis: 'n berou oor sonde, die breek met sonde en afkeur in sonde en 'n toewyding aan God se wil. Tog verskil dit wesenlik. Die finale uitgawe se erkenning, "Ek erken dat ek 'n verlore sondaar is", is nooit deel van die aard van bekering uit dankbaarheid nie. Hierdie belydenis is 'n ontsegging van enige verbondstatus. Hierop sal ons later terugkom. Wat hier voldoende is, is dat ons hier die elemente van bekering het. Dit moet wees want dit is t.o.v. die voorgelegde gespreksboekies die enigste plek waar die elemente van bekering funksioneer. Bekering kom nie voor as deel van Geesvervulling nie en dus ook nie iets wat in 'n aparte boekie aangedui word nie.

3.2.2.6.2 Erkenning van Jesus se kruisdood

Hierdie element ontbreek heeltemal in die proefuitgawe. Geloof in Jesus Christus is hier totaal afwesig in die gebed. In die finale uitgawe is die enigste moontlikheid van geloof, soos die kerk dit bely, die dank dat Christus vir ons sondes gesterf het. Dit is egter al. In die Gemeentebou kom dit ook net so voor: "Dankie dat U in my plek gesterf het". In die kinderboekie is die element geheel en al afwesig in die gebed, dit is geloof in Jesus se heilswerk soos deur die kerk bely.

In die res van die literatuur kom die element van geloof in die heilswerk van Christus soos in die kerk bely ook net voor as "glo Jesus het aan die kruis gesterf".

3.2.2.6.3 Pleit om vergifnis

Hierdie vra of pleit om vergifnis is nie dieselfde as om te bekeer nie of te glo nie. Naas die dele 6.1/6.2 is die pleit tot 'n selfstandige en as sulks gekwalifiseerde deel verhef. Jy moet vra om vergifnis as jy vergifnis wil hê. Dat jy moet glo tot vergifnis in die heil wat daar in Jesus Christus is, is glad nie hier teenwoordig nie. Teenoor glo tot vergifnis is hier 'n nuwe alternatief – vra om vergifnis tot vergifnis.

3.2.2.6.4 Die oopmaak oorgee van lewe en hart

In die volgende deel sal die element behandel word, sowel as 3.2.2.6.5, naas dit wat reeds daarvoor gesê word.

3.2.2.6.5 Die uitnood van Jesus

Sien bostaande.

3.2.2.6.6 Geloof

Wat in 6.2 ontbreek word nou hier baie duidelik gestel, maar as 'n nuwe tipe geloof. Dit sal ook behandel word. Genoeg om hier te sê: geloof is nie meer om te glo in Jesus Christus se heilswerk as Middelaar nie, maar om te glo dat Jesus ingekom het toe jy hom gevra het om in te kom. Dit word in al die gespreksboekies na vore gebring in die vraag of jy op gevoelens moet staatmaak of op geloof.

3.2.2.7 Die gebed as formule

Al die voorgelegde gespreksboekies gee al hulle vereistes tot kindschap van God en die inkoms van Jesus weer as 'n gebed. Maar die aard van dit wat hulle as gebed voorhou het 'n bepaalde karakter. Dit wat as gebed voorgehou word kan eerder as 'n formule of spreuk getipeer word.

Hierin is al die boekies identies. Wie hierdie eise: erkenning, dank, geloof, uitnodiging aan Jesus só gesê het – vir hom het die heil gebeur. Die gebeure dat die inkoms van Jesus direk saamval met kindschap van God as jy die gebed so sê, meer dat die gebed dit bewerk, maak die gebed 'n formule, dit is, 'n bepaalde reddingsformule. Jy word nie kind van God deur te glo nie, maar deur te sê – in gebed.

As jy sê in gebed, gebeur die heil vir jou. Geloof is daarom om te glo dat dit gebeur het wat jy in die gebed gesê het. Hierdie formulekarakter bepaal elke deel van die gebedsinhoud kwalitatief.

3.3 DIE DUALITEIT VAN DIE MENS SE BESTAANSWYSE

In hierdie eerste gedeelte van die inhoudelike analise van die gespreksboekies het ons die gebede, wat die fokus en kernmotief van die boekies is, met mekaar vergelyk. Hieruit is dit duidelik uitgewys dat die gebede 'n sentrale wentelpunt het. Na sy inhoud bestaan dit uit die oopmaak van die hart en innood met die gepaardgaande binnekoms van Jesus.

In hierdie gedeelte wil ons stilstaan by die inhoud waarop die wentelpunt berus. Dit berus op 'n tweede kernmotief of inhoud wat al die gespreksboekies deel nl. die dualiteit van die menslike bestaanswyse, aangedui as "lewe".

Die toestemming wat die A.J.K. by C.C.C. gekry het, was spesifiek die gebruikmaking van die uitbeelding van die mens se lewe. Dinamiese Gemeentebou het sy "eie" uitbeelding van C.C.C. gemaak. Die is weer net so as Doelgerigte Gemeentebou weergegee. Ook al die ander literatuur het die basiese uitbeelding van die mens se "lewe".

'n Inhoudelike analise van die uitbeelding sal ons 'n werkbare deurskouing van die gespreksboekies gee t.o.v. die grondslag vir die innooi van Jesus in die hart en in die lewe asook al die ander inhoudelike elemente van die boekies.

A.J.K. Proefuitgawe: vgl. die diagramme op bl. 11

In hierdie diagram word die kerninhoud en hulle onderlinge verband tot en met mekaar weergegee. Volgens die boekie self is hierdie sketse 'n uitbeelding van die lewe van die mens, vgl. "Watter skets beeld u lewe uit?" (bl.11). Die inhoud van die mens se lewe word verder aangedui as troon van die lewe, eie ek, eie-belang, selfgesentreerd. Binne hierdie verband het lewe dan die aanduiding van "my lewe".

Belangrik is dat hierdie begrippe geensins godsdienstige of geestelike terme vir geestesinhoud is soos byvoorbeeld die inhoud van die belydenis dat die mens beeld van God is nie (geskape om in ware geregtigheid en heiligheid teenoor God te leef nie). Hier het ons suiwer 'n sielkundig-kulturele- en filosofiese daarstelling van wie en wat die mens is. Binne die inhoud, soos deur die boekie self gestel, kan ons dus die volgende uitlig.

3.3.1 Die onderskeid tussen Eie-Ek en my lewe soos aangedui

Hierdie onderskeid is suiwer kultureel, sielkundig en wysgerig, en is as sulks geldig. Dit is die basiese onderskeid tussen ego (eie-ek) en die mens se selfbeeld en identiteit (my lewe). Die kwalifikasie is duidelik dat die "ek" nie die sondige natuur van die mens nie maar die menslike natuur as sulks is. Daarom word dit as die "eie-ek" gekwalifiseer.

Verskillende sielkundige en filosofiese strome sal die inhoud van dit wat die "eie-ek" en die "my" in "my lewe" is, verskillend omskryf en kleur. Dit sal egter geensins verander aan die gegewe dat die dualiteit van die menslike bestaan wel die gronde van die "Jesus innooi" godsdiensoormoed nie.

Wat hier nie aangedui word nie is dat die "my lewe" nie 'n geïsoleerde gegewe is nie. Die selfbeeld en identiteit is 'n gemeenskaps- en sosiaalgevormde identiteit. Dit kry weer volle inhoud in die bepaalde kulturele gemeenskap waarin die individu staan.

Dit is nie onbeduidend tot hierdie kultus nie dat die uitbeelding van die lewe (my lewe) hier alreeds van die kulturele gemeenskap geïsoleer is tot 'n gegewe wat die individu "self" beheer. Hierdie is byna 'n idealistiese daarstelling van die mens as individu. Hierdie individu, gestroop van alle kulturele inhoud leef dan in die aangeduide dualiteit van ek en my; ek en selfbeeld.

3.3.2 Eie-belange

Die inhoud van die belange is al op bl.2 aangedui as geld (ekonomies); gesondheid (biologies); beminde (sosiaal) (bl.2). Die inhoud is dus die mens se kulturele belange in sy volle individuele en sosiale omvang. Die belange inhoud word nou gekwalifiseer as "eie".

Die definisie van "eie" lê in die "eie'-ek. Dit word ook aangedui met die prentjie (d.i. die lewenskets). Dit dui dan op die "my belange" van die "ek" of "self".

Belangrik, dit dui op die kulturele gegewe dat die mens as ek (ego) in direkte verband staan en homself utoelief in sy belange. Juis hierin vorm die mens/ego hom dan ook in sy self en identiteit in en as gemeenskap (d.i. kulturele identiteit). Die "ek" kry en vorm sy identiteit in sy belange in die gemeenskap. Dit is die bestaanswyse, bestaansvoorwaarde van menswees filosofies-kultureel gesproke; die ek kry identiteit in gemeenskapsbelange. Kultuur kan alleen geskep word in hierdie skeppingsgegewe dualiteit van menswees.

3.3.3 Troon van die lewe

Die sogenaamde troon van die lewe dui op beheer, dit is, beheer oor en van "my belange". Binne die lewenskets is dit die self- en egobeheer oor die "my belange". Dit is die beheer tussen die "ek/ego" en die "my/selfbeeld" identiteit wat hier aangedui word as "troon van die lewe". Waar die beheer, kultureel bepaald, normaal is tussen die ego en identiteit, daar word die lewe nou negatief afwysend as selfgesentreerd aangedui en dit is baie belangrik tot die verstaan van die kultus. Die bestaanswyse van menswees: as 'n dualiteit van "ek tot my" word nou afgewys as die negatiewe bestaanswyse (sondige) van die mens.

3.3.4 Christus

Dit is teenoor hierdie dualiteit van die ego tot identiteit dat Jesus geplaas word by die eerste lewensuitbeelding as "buite" die lewe. "Buite die lewe" beduidend as buite die beheer van die "ek" teenoor en in die "identiteit" of "my lewe". Christus word hier aangedui as wese en identiteit maar tog onbepaald in terme van kategese-inhoude. Nêrens in die gedeelte word Jesus se natuur as ware mens en ware God ooit aan die orde gestel nie. Sy inhoud vind hy dan in die lewenskets. Jesus is 'n identiteit/wese in teenstelling tot, maar in soort gelyk met die "ek"/ego van die mens.

3.3.5 Christus-gesentreerd

Wat nou belangrik is, is dat ons hier met twee lewenssketse te doen het waar die een 'n alternatief vir die ander is. Wat is die alternatief? Die alternatief is dat daar 'n wesensverandering in die mens moet plaasvind. Sy ek/ego, kultureel en synsmatig gesproke, moet met die van Christus vervang word: Christus as 'n eie, onderskeibare en selfstandige wese. Dit sou die volle bedoeling van die lewenskets weergee as gesê word dat die "ek" van Jesus die "ek" van die mens vervang en verplaas. Hierdie vervanging en verplasing beteken dat die mens 'n ander, nuwe, nie sy "eie-ek" ontvang wat die inhoud en plek van sy eie-ek/ego vervang. Met hierdie vervanging word die eie-ek/ego gereduseer tot die inhoud van "my belange". Maar die "my-belange" het ons gesien, is die selfbeeld van die mens. So gestel is die inhoud duidelik: die ego en kern van die mens word geniëlleer tot selfbeeld en "sy-ek" word vervang met die sogenaamde "Christus", dit is, die "ek" van Jesus.

Dit is dus die kwalifisering van "Jesus binne". Jesus binne beteken dat Jesus die "ek" in die verhouding "ek-my" van die menslike samestelling soos hy geskape is vervang. In wese is dit 'n totale niëllering van die "ek" van die mens, weer eens kultureel en synsmatig gesproke. Dit word aangedui en beskryf as jy het nie beheer oor jou "self"/ jou "my" (identiteit) nie. "Jesus" – wie en wat dit ook al mag wees – het dit na inhoud vervang.

In die antitese: selfgesentreerd teenoor Christus-gesentreerd, is dit die inhoud wat as alternatief en keuse voorgehou word. Jy moet self kies of jy na jou ego/eie-ek wil bestaan in die lewensverband van ek tot identiteit of jou ego/ek laat niëlleer en vernietig in die verkryging van Jesus se "ek".

Wat waar is van die A.J.K.-proefuitgawe is waar van al die voorgelegde literatuur, hierin is kerk en sekte weer eens identies. Vergelyk dit met die sketse weergegee:

A.J.K. Finale uitgawe (bl. 11)

Dinamiese Gemeentebou Boekie 1 (bl. 7 & 13)

Dinamiese Gemeentebou Boekie 3 (bl. 1, 2. en 7)

Doelgerigte Gemeentebou Boekie 1 (bl. 9)

C.C.C. (bl. 12)

Vergelyk 'n mens hierdie kerninhoud met mekaar is enige grondige en fundamentele verskille uitgesluit. Dit geld ook vir die res van die literatuur. Dit is die hart- en lewensverandering wat die mens moet ondergaan met die magiese gebeure by die formule: Jesus kom in.

Wat verder belangrik is, is die bepalende karakter van die lewenskets en verandering ten opsigte van die inhoud van die aanbiedinge in sy geheel. In al die stof voorgelê is die lewensuitbeelding, lewensverandering en uitnood van Jesus om in te kom as daad waarin die verandering voltrek word, die fokus en kernmotief van die boekies. Dit beteken dat ook die res van die stof na inhoud deur die kerninhoud kwalitatief bepaal word. Dit geld vir alles vooraf en alles wat daarop volg.

Kom ons kyk dan wat is die inhoude soos kwalitatief deur die kernmotief bepaal.

3.3.6 Is u bereid om aan God te erken dat u 'n sondaar is? (Proefuitgawe bl. 12)

Is u bereid om te erken dat u 'n verlore sondaar is? (A.J.K. bl. 12)

Hierdie erkenning word bepaal deur die twee lewenssketse en die erkenning dat Jesus nie in jou hart en lewe is nie. Die feit dat die mens dus so geskep is, is sy sonde. Met die erkenning erken die mens dus dat sy bestaanswyse van 'n dualiteit van ek tot selfbeeld/my sonde is. Dit is sy ongehoorsaamheid. Daarvoor moet jy jammer wees en daarvoor moet jy berou hê. So word dit ook in die literatuur duidelik gestel. Jy moet erken dat jyself in beheer van jou lewe wou wees. Dit is ook duidend vir die afwesigheid van die wet na sy kategismus-inhoud.

3.3.7 Die skeiding God en mens

Dit is vanuit hierdie lewenssketse, die sondige teenoor die heilige, dat die boekies deurgaans in hulle daarstelling van die sonde (stap 2) 'n skeiding tussen mens en God postuleer. Alle mense wat nog nie die formule gebid/gesê het nie, is nog mense waar Jesus buite is. Met die gevolge soos aangedui in die boekies, naamlik dat daar 'n skeiding tussen God en diesulkes is. Hierin is die kerk- en sekteliteratuur identies: alle mense is van God geskei as hy nie die formule gesê het nie.

Vergelyk hierdie inhoud in die literatuur :

- 1) Proefuitgawe: "die mens is van God geskei". "Sonde bring 'n onoorbrugbare kloof tussen en die mens" (bl. 7).
- 2) A.J.K.: Soos bo (bl. 7)
- 3) Doelgerigte Gemeentebou: volgens hulle is jou sonde 'n muur tussen jou en God; jou verhouding is met God gebreek; jy is verlore omdat die verhouding verbreek is (bl. 5). Boekie 3 stel aan die kinders "jy hou jou sonde en gaan hel toe" (bl. 4);
- 4) Dinamiese Gemeentebou is identies met Doelgerigte Gemeentebou se "eie" weergawe. Boekie 3 stel dit reguit: "Jy is vir ewig verlore; Jy is ongelukkig; Jy maak ander mense ongelukkig; Jy maak die Here ongelukkig" bl. 4).
- 5) Baptiste: volgens hulle is jy van God geskei, en die hel vir jou 'n werklikheid (bl. 6).
- 6) Rhema: "Jy is van God geskei en verwyderd" (bl. 4).
- 7) C.C.C.: "Jy staan onder God se straf en is ewig verdoem" (bl. 5).

Al die literatuur is dit eens, kerk en sekte, dat as jy erken dat jy 'n sondaar is, erken jy dat jy verlore is en verdoem en van God geskei is, en bly, totdat jy sê: Jesus kom in. Dit geld vir alle mense, ook verbondskinders.

Die verskil tussen die een skets en die ander is dus in sigself 'n oordeel. Wie nie só is nie, is verlore en gaan hel toe. Die funksionering van die oordeel lê in die twee lewensmodelle. Die sketse dui aan hoe die status van 'n mens voor God bepaal word.

3.3.8 Die skeiding tussen mens en God opgehef

Die funksie van Jesus in die literatuur is nie net deurgaans dieselfde na inhoud nie, maar dit word feitlik deurgaans met dieselfde simbool weergegee. Vergelyk die simbool van A.J.K. bl. 9.

In al die literatuur is die kruis simbool daarvan dat Jesus gesterf het. Die skeiding tussen God en mens word deur die kruis verwyder. Waarin die opheffing van die skeiding bestaan, word weergegee in al die literatuur:

- 1) Jesus wat buite is
- 2) Kom binne
- 3) Neem die inhoud en funksie van die "ek" oor
- 4) Die "ek" van die mens word tot die sfeer van die "my" gereduseer.

Die inhoud kan nie duideliker wees in sy bedoeling nie: die opheffing van die skeiding tussen God en mens vind plaas, nie waar die sondeskuld verwyder word deur die heilsverdienste van Jesus Christus nie, maar, en dit is die skokkende, waar die mens se ego deur die van Jesus vervang word. Die opheffing van die skeiding tussen mens en God is die vervanging van die mens se wese met die van Christus.

Die skeiding wat opgehef word, het ten doel die hereniging van die mens en God. Met die sketse/die lewe as gronde gebeur die onvermydelike. Die hereniging van God en mens bestaan nie daarin dat die verbondsgemeenskap herstel word deur die verwydering van skuld nie, maar die hereniging van die wese van die mens met die wese van Christus. Waar die "ek"-hereniging of "ek"-verplasing gebeur het God en mens weer "een" geword.

3.3.9 Jesus aanneem

Dit is binne hierdie vereniging dat die pregnante betekenis van die appèl lê: "jy moet Jesus aanneem". Om Jesus aan te neem word nêrens aangedui in hierdie literatuur as vertrouwe in die heilsverdienste van Jesus aan die regterhand van die Vader nie. Die inhoud van die daad lê weer eens in die lewenssketse: Wie Jesus innooi, dit is, Jesus se "ek" aanvaar as die sentrum van my lewe, dié mens het "hom persoonlik" aangeneem. Dit kwalifiseer dus meteens ook die inhoud van die handeling "om Jesus in te nooi".

3.3.10 Jesus innooi

Om Jesus in te nooi is waar die mens in 'n aktiewe wilshandeling „Jesus aanneem – as sy "ek" en "ego". Hierdie aktiewe handeling om jou "eie-self" met Christus se self te vereenselwig is die daad wat onskuldig as uitnooi aangedui word.

3.3.11 Jou lewe oopmaak

Hierdie daad kan ook net vanuit die dualiteit van ek tot my soos weergegee verstaan word. Dit is deur die wilshandeling van die mens dat sy eie ek afgelê word, meer, waar hy sy "eie-ek" aflê. Hierdie aflegging van die eie-ek is waar die mens sy ego misken tot; misreken tot; niëlleer tot die sfeer van belang in diens van Jesus-ego; Jesus-ek. Dit is in sy diepste 'n daad van self-skending. Deur en in die selfskending word die Jesus-ego as kultus 'n moontlikheid. Meer, lewe oopmaak beteken dat in die selfskending die mens gereed is om met God se wese herenig te word. Die handeling word dan ook as die totale oorgawe aangedui: die totale aflegging van die ek/ego van die mens vir die Jesus-ego/Jesus-ek. Die handeling is kwalitatief 'n offer. Hierdie offer deur die mens, die niëlleer van sy "ek", sy bestaansgronde – dit is die offer wat jy moet bring om gered te word, om die gawe van God te mag ontvang: die Jesus-ego.

3.3.12 Jy kan jouself nie red nie

Hierdie stelling is seker een van die oënskynlik teenstrydigste inhoude van die literatuur. Jy kan jouself nie red of verlos deur 'n mooi lewe; goeie werke; godsdienstigheid of opregtheid nie maar jy kan en moet die volgende doen om 'n kind van God en, gered te word:

- 1) Erken, bely en berou hê: jy's 'n sondaar;
- 2) bereid wees om op Jesus te steun en nie op goeie werke nie;
- 3) jou lewe aan Jesus oor te gee;
- 4) Jesus in te nooi;
- 5) glo dat Hy ingekom het.

Deur hierdie aktiewe handelinge (werke) word jy 'n kind van God maar jy moet glo dat jy nie goeie werke kan doen om gered te word nie. (A.J.K. bl.7 en 12; 13). Dit mag op die oog af lyk of hier 'n ondeurdagte en onverduisterde valsheid tussen die ander deurgesluip het. Dit is egter nie waar nie. Die kwaliteit van die teenstelling is noodsaaklik en deurslaggewend vir die inhoud van die redding. Die klem het hier duidelik geskuif. Dit gaan hierin daarom dat die mens homself nie kan behou nie. Met die duidelike implikasie, hy moet homself aflê en ontken en hierin is hy gered in die aflê van die "ek" en "ego". Nie in die uitleef of uitbou en ontginning van die "ek" nie. "Jy kan jouself nie red nie" het vanuit die opheffing van die dualiteit ek – my as eis tot saligheid die betekenis van "jy kan en mag nie jou "eie-ek" behou nie."

3.3.13 Jesus woon in jou. Kom in.

Dit is die resultaat van al die aksies: Jesus kom in jou in: Kom in jou ego/ek in en verdring dit tot 'n belang in die dualiteit ek – my met die "ek" nou gevul en vereenselwig met die wese van Jesus.

3.3.14 Ware lewe / redding / verlossing

Hierdie wesensverandering waar die mens van sy "ek" ontnem word vir die ego van Jesus; hierdie selfafleggende en ontkenkende bestaan waar die mens uit die totale kulturele identiteit van die "my" ontruk word tot die goddelike bestaanswyse en die skeiding tussen God en mens in Jesus – wesenlik opgehef is, word nou as "ware lewe" voorgehou; dit is ware geluk (nirvana) en die mens word so van sy ek/ego verlos. Waar die mens se identiteit en selfbeeld nie meer gevorm is na sy eie-ek of ego maar na dié van Jesus, daar is hy van sy "ek" gered en verlos. Ware lewe is die goddelike, akkulturele bestaan van die "ek".

3.3.15 God het jou lief

Hierdie slagspreuk moet in en na sy bedoeling binne hierdie literatuur verstaan word. Hierdie verwysing na God is die enigste aanduiding van die aard van God. Jesus word nêrens eksplisiet aangedui as self God of as mens nie behalwe waar dit in teksverse lê. Die vraag na wie God is wat verlos of wie Jesus Christus is, word nie aan die orde gestel nie. Dat God die Vader, Seun en Gees is, word ook nie na die heilsraad aangedui nie. (Daarom die tweede fase van redding: die vervulling deur die Gees). Net dit, God het jou lief. Maar wat word met die stelling bedoel?

Die liefde van God dui nie op sy verbondsgemeenskap nie. Die verbond is dat Jesus sal inkom soos Hy beloof het – en in stap 1 het Hy nog nie ingekom nie. Die liefde van God dui dus nie op die deelwees van God se genadeverbond nie. Meer nog, God het jou lief – maar jy is sondig. Die sondigheid is dat jy nog nie gered en kind van God is nie. Jesus is nog nie in jou nie. Die stelling is duidelik: God het jou lief maar jy gaan hel toe; Hy gaan jou straf en Hy gaan jou verdoem. God se liefde dui geensins daarop dat die mens gered is en kind van God is nie. God het jou lief maar steeds moet jy bely dat jy verlore is en 'n sondaar is. God se liefde beteken nog allermens dat Hy jou deel maak van Sy genade en jou só in staat stel om te glo.

God se liefde beteken hier dat jy deur God voor 'n keuse gestel word. Deur Jesus se werk aan die kruis is dit nou vir jou moontlik om te kies of jy wil hê Jesus moet binne wees of Jesus moet buite bly.

3.3.16 God se antwoord: Jesus Christus

Ten opsigte van hierdie inhoud is die literatuur ook identies. Van die heilsweg van Jesus word net sy kruisiging voorgehou. In al die gebede is geloof om te glo dat Jesus aan die kruis gesterf het, sy geboorte; lyding; opstanding; verheerliking aan God se regterhand ontbreek in al die literatuur. 'n Vraag na sy twee nature (noodsaaklik vir die geloof) ontbreek, meer nog, die behandeling van Jesus se intrede by die Vader en die vryspraak as deel kry aan die geregtigheid en heiligheid van Jesus Christus op grond van sy plaasbekledende en intredende funksie vandag en sy amp as Christus – dit ontbreek ook in al die literatuur. Tog vorm die Christologie 'n voltooide eenheid in die boekies. In die sin word die Christologie voltooi – in die dualiteit van die menslike bestaan as ek tot my.

Die kruisiging is vir Jesus die weg waarlangs Hy die status en reg verkry om in mense in te mag gaan. Deur die ingang het hy 'n self-of-ek-veranderde funksie. Deur die ek-vervangende funksie word die skeiding tussen God en mens opgehef. Die doel van Jesus se kruis is dus - die her-inkarnasie van God in mense in deur Jesus Christus. Die her-inkarnasie vind plaas as mense die formule sê: "Jesus kom in". 'n Handeling wat na inhoud die aflegging van die "ek" en die aanneem van Jesus is – as die "nuwe ek" in die sentrum van die lewe.

Dit is in hierdie sin en betekenis dat die kwaliteit "Jy is nou kind van God" so 'n pregnante inhoud het. Dit is hoekom wedergeboorte eers in en deur die handeling van die mens voltrek word. Nie omdat die verkeerde volgorde gekies is nie. Die inhoud van wedergeboorte is anders: om aan 'n goddelike bestaanswyse waar die grens tussen God en mens opgehef is deel te kry deur die "self" – vervangende en "self"-vernietigende Jesus.

In al hierdie inhoude is kerk en sekte identies in al die literatuur.

3.3.17 Geloof in Jesus Christus is nodig

Hierdie misleidende sin vind sy ware inhoud in die sentraalstelling van die alternatiewe lewenswyses. Geloof in al die literatuur is om te glo dat Jesus sal inkom as jy Hom vra; Jesus het ingekom nadat jy Hom gevra het; Jesus mag inkom en die skeiding tussen die "ek" en God ophef want Hy het die reg aan die kruis verdien. Na sy inhoud kan hier eers van geloof sprake wees soos hier gedefinieer en gebruik, as 'n begeleidende aksie by die eintlike reddingshandeling: die oopmaak van die lewe en innooi en aanneem van Jesus. Hierdie inhoud en funksie van geloof is by kerk en sekte identies.

3.3.18 Die mens se antwoord

Vanuit die geheel wat gestel is, is dit tog verrykend om op die identiteit tussen Jesus se kruisdood en die handeling wat die mens tot redding doen te let. Jesus het aan die kruis homself afgelê terwille van die reg om in mense in te kom. Die mens moet sy "ek" aflê om aan Jesus die moontlikheid te gee om in te kom: die aflê van die ek is in wese die niëllering van die ek. Hierin is kerk en sekte identies. As die mens nie sy "ek" aflê en Jesus "aanneem" nie -

kan Hy nie inkom/binne wees nie. Die mens se antwoord is entlik hierin identies met God se antwoord: Jesus. Die heilsweg van Jesus is en word hier 'n voorbeeld vir die mens om self te volg. Die mens herhaal Jesus se daad aan die kruis en ontvang so die verdienste van Jesus.

3.3.19 Die mens se antwoord: 'n verskeidenheid van handeling maar alles op een en dieselfde oomblik

Uit die voorgelegde stof is dit duidelik dat al die verskillende dele van die mens se antwoord eintlik maar net dele van die een handeling is waardeur die mens sy saligheid bekom. Veral gesien in terme van die "nou" tydsbegrip: Jy moet dit nou in gebed doen, dan sal jy nou salig word. In die heilsegebeure is daar verder 'n vaste orde, d.i. van die handeling en heilsegebeure. Hierdie orde staan baie vas en is by kerk en sekte identies. Die orde kan as volg opgesom word:

- 1) Bkering (erkenning, berou, belydenis van sonde).
- 2) Geloof (erken, glo Jesus het aan die kruis gesterf).
- 3) Aflê van identiteit/ego (oopmaak van die deur van hart en lewe).
- 4) Aanneem van Jesus se ego/identiteit (innooi).
- 5) Wedergeboorte (die wesensverandering vind plaas).
- 6) Geloof (dat wedergeboorte gebeur het met die innooi-formule).

'n Verdere punt 7 wat as "aanneming" beskryf kan word, is ook goedsikks moontlik. Want eers as 1 tot 6 met jou gebeur het, kan jy seker wees nou het God jou as sy kind aangeneem, d.i. God se antwoord is om jou aan te neem as jy Jesus só aangeneem het.

Opsomming

Opsommend is dit baie duidelik dat na inhoud die aanbiedinge identies is. Die verskille wat uitgewys mag word, is kennelik alleen maar stylverskille met dieselfde inhoud: die weg tot saligheid wat by al die voorgelegde literatuur dieselfde is.

Dit is die kerninhoud van die boekies wat eintlik eers in die gebede aan die orde gestel word (C.3.1 en C.3.2.). Hierdie gebede het almal dieselfde kerninhoud soos aangedui: die uitnodiging dat Jesus moet inkom (C.3.2.1). Hierdie daad se kenmerke is uitgelig (a-s) in samehang met die ander kenmerke van die gebedsaksie inhoud (3.2.2.1 – 7).

Al die literatuur baseer die kernmotief (die uitnodiging aan Jesus) op 'n tweede kernmotief: die mens se lewe as kwalifisering van die heilsinhoude en heilsegebeure. Meer bepaald: die mens se lewe as 'n gegewe dualiteit van ek en my; ek en selfbeeld. Hierdie bestaansgegewe word as sonde afgewys vir 'n nuwe lewensdualiteit: Jesus – ek. Die inhoud van die daad (om Jesus uit te nooi), sowel as die moontlikheid van so 'n daad hoegenaamd, is gegrond en gekwalifiseer in hierdie tweede kernmotief. Hierin is kerk en sekte identies in sover as wat dit die gespreksboekies aanbetref.

3.4 DIE TWEDE AKSIEBOEKIE

In C.2 is reeds gewys op die feit dat al die aksies 'n tweede boekie voorskryf of veronderstel. Die Ned. Geref. kerk se A.J.K. het sy tweede boekie uitgegee as "Is Christen-wees vir jou 'n avontuur?"

Die boekie was 'n direkte verskrywing van C.C.C. se boekie: "Het u al die wonderlike ontdekking van 'n geesvervulde lewe gemaak?"

Dinamiese gemeentebou het C.C.C. se boekie verskrywe tot 'n "eie" weergawe: "God het 'n dinamiese plan met u lewe." Hierdie boekie is na die ontmoeting met die A.J.K. as 'n nuwe kerklik aanvaarde boekie uitgegee met die titel "Jy kan 'n dinamiese Christen wees."

Vir hierdie lagwekkende stryd om "eie" gereformeerde skolingsmateriaal moet die geskiedenis soos in B uitgelig weer in ag geneem word. Die charismatiese sekte, Rhema, het ook 'n boekie wat voorgelê word ter inligting: "The Baptism in the Holy Spirit".

3.4.1 'n Analise van die gebede

In hierdie tweede stap van die Christelike lewe word in al die literatuur die Geesvervulling of doping ontvang deur gebedsinhoude te bid wat aan die einde van elke boekie weergegee word. Die inhoud van "geestesvervulling" kan bepaal word uit die inhoud en funksionering van die gebed. Soos met die eerste boekie sal ons die inhoud eers analiseer en dan na inhoud bepaal.

A.J.K. Ned. Geref. Kerk

U kan hierdie oorvloedige lewe nou vir uself toe-eien in gelowige gebed.

Hemelse Vader, ek dank U vir wat U alreeds in my lewe gedoen het en nog wil doen. Ek dank U dat die Heilige Gees reeds in my woon. Ek bely dat ek Hom dikwels bedroef het, deurdat ek self my lewe wou beheer. Ek bid U, neem al meer die beheer van my lewe oor en stel my in staat om die oorvloedige lewe te leef. Vervul my nou en voortdurend met u Heilige Gees. Laat u Gees Christus werklik die alleenheerser van my lewe maak, sodat Hy voortaan sy goddelike lewe deur my sal leef.

Ek dank u dat ek nou mag weet dat U my nou met U Heilige Gees vervul het, want U het gesê dat U ons verhoor as ons iets vra volgens U wil (bl.10).

- 1) Dank vir dit reeds gedoen (boekie 1).
- 2) Dank vir wat God nog wil doen: wil jou vervul .
- 3) Dank dat Gees in jou woon(is).
- 4) Bely dat jyself jou lewe wou beheer .
- 5) Vra God om volle beheer oor te neem.
- 6) Vra God om jou in staat te stel om die lewe te leef (krag).
- 7) Vra dat dit nou gebeur.
- 8) Vra dat Christus alleen in my lewe regeer .
- 9) Vra dat Hy sy goddelike lewe deur jou sal leef .
- Dit gebeur.**
- 10) Glo - dit het gebeur.

Doelgerigte Gemeentebou

Dankie, Here dat ek U kind is.
 Vergewe my dat ek self my lewe probeer beheer het. Ek bely dat ek in baie opsigte nog 'n ongehoorsame kind is en 'n wêreldse gesindheid het. Ek gee my hele lewe nou aan U oor. Ek bid dat u deur die werk van die Heilige Gees van nou af my lewe moet beheer. Dankie dat ek nou kan weet dat U my gebed hoor en my lewe met U gees vervul.

- 1) Dank vir wat reeds gedoen is (Boekie 1).
- 2) Vra vergifnis vir eie - beheer.
- 3) Erken jy is 'n ongehoorsame en wêreldse Christen.
- 4) Gee jou hele lewe oor nou.
- 5) Vra dat Gees van nou af moet beheer .
- 6) Dit gebeur.
- 7) Glo en dank dat dit gebeur het.

Dinamiese Gemeentebou

Dankie Here, dat ek u kind is.
 Vergewe my omdat ekself my lewe beheer het. Kom oortuig my deur U Gees van my sondes en my wêreldse gesindheid. Maak my gewillig om my sondes te bely en te laat staan asook ander te vergewe soos U my vergewe het en te gaan regmaak waar dit mag nodig wees e.a. (vgl. die verklaring op bl.12).

- 1) Dank vir reeds gedoen(Boekie 1).
- 2) Vra vergifnis vir eie beheer.
- 3) Erken sondes en wêreldse gesindheid .
- 4) Vra om gewillig te wees om sondes te laat staan.
- 5) Aanvaar in geloof die vervulling.

Dit gebeur.

- 6) Glo dit.
- 7) Stel tot beskikking.

C.C.C.

Liewe Vader, ek het U nodig.
 Ek bely dat ek self in beheer van my lewe was en daarom teen U gesondig het. Ek dank U dat U deur die dood van Jesus Christus aan die kruis, my sondes vergewe het. Ek nooi Jesus uit om opnuut die troon van my lewe te beheer, en soos U belowe het U sal doen as ek dit in geloof vra. As uitdrukking van my geloof, dank ek U nou dat U my lewe beheers en my met U

- 1) Bely teenoor God wat Vader is (Boekie 1).
- 2) Bely jy het gesondig deur self in beheer te wees .
- 3) Dank vir vergifnis van sonde.
- 4) Dank dat Heilige Gees jou vul.

Dit gebeur.

Heilige Gees vervul.

Rhema

Dear Father God: I come
before you in Jesus Name.
I believe in my heart and
confess with my mouth that He
is Lord. I now renounce all
sin in my life, any bitterness;
unforgiveness, hatred
I renounce all involvement
in the occult.
I command Satan to depart in
Jesus Name. Forgive me ...
Father, I ask you to give
me the Holy Spirit.....

- 1) Roep God as Vader aan(Boekie 1).
- 2) Bely Jesus regeer (Jesus in).
- 3) Bely eie sonde.
- 4) Beveel Satan - uit.
- 5) Vra vergifnis.
- 6) Vra om Gees te gee en jou in Gees te doop

Dit gebeur.

Die analise wys duidelik 'n grondliggende en identiese patroon uit by kerk en sekte.

- a) Die kern van die gebede is waar gevra word dat God met Sy Gees jou sal vervul en/of doop.
- b.) Hy het beloof dat Hy dit sal doen as jy Hom vra.
- c) As jy Hom vra/sê wat Hy beloof het en dit glo, dan gebeur dit.
- d) Hierdie gebeurtenis, die vervulling met die Gees (doping) is na inhoud iets geheel en al verskillend as die inkom van Jesus in die Lewe in.
- e.) Die vra om vervul te word/gedoop te word met die Gees is 'n totaal ander vraag as die uitnodiging dat Jesus in jou lewe moet inkom.
- f.) Jy moet eers Jesus uitgenooi het en Hy ingekom het voor jy kan vra dat die Gees jou vervul en doop (Dank jy is 'n kind van God).
- g.) Bely en erken sonde. Hierdie belydenis is hoegenaamd nie na inhoud identies met die belydenis van skuld en sonde by die uitnodiging van Jesus om in die hart in te kom nie. Daar was dit 'n belydenis dat Jesus buite is, hier is dit 'n belydenis dat die Gees nie in beheer is nie. Meer dat jy 'n "wêreldse" en "vleeslike" Christen is.
- h.) Oorgee en beheer. Hierdie oorgee van die beheer van die lewe is na inhoud glad nie identies met die oorgawe in boekie no.1 nie. Daar was die oorgawe aan Jesus. Hier is die oorgawe aan die Heilige Gees.
- i) Geesvervulde lewe. Die geesvervulde lewe is ook geheel en al nie dieselfde as die Christusgesentreerde lewe in boekie no.1 nie. In die boekies by kerk en sekte word die feit dat die oorgee van die beheer van die lewe 'n oorgawe aan die Heilige Gees sou wees nooit eers aan die orde gestel nie. Daar is dit 'n oorgee van die lewe aan Jesus.

In boekie no.2 word die beheer nou geheel en al aan die Heilige Gees oorgegee. Wat iets anders en totaal nuut is en volgens die boekies self in die eerste daad, om Jesus in te nooi, totaal afwesig is.

Eers met hierdie tweede oorgawe, nou nie aan Jesus nie, maar aan die Heilige gees, eers nou word die vleeslike Christen met die Heilige Gees vervul.

'n Tweede heilservaring.

Hier word 'n besliste en duidelik aparte identifiseerbare heilservaring aangedui. Nie net na inhoud apart nie; maar ook na tyd. Vergelyk weereens die "nou" begrip in die uitspraak van die formule (do et-des) om die volgende heilsstatus te verkry.

As jy nou vir Jesus vra om in te kom, kom Hy nou in.
As jy nou die Gees vra om jou te vervul, vervul Hy jou.

As jy die eerste een vra, gebeur net die eerste. Tussen die twee fases is daar 'n tussenstatus wat aangedui word as "vleeslike Christen" 'n Christen wat nog nie die tweede heilservaring deelagtig is nie en dit eers kry, nou kry, as hy die vervullingsformule sê en glo. So aangedui is die onderskeid tussen geesinwoning; geesvervulling of doop met die gees onbeduidend. Die kernmotief bly dieselfde.

In hierdie basiese grondpatroon van 'n tweede heilservaring om nou naas die beheer van Jesus die beheer van die Gees te verkry, is kerk en sekte identies.

3.4.2 'n Nuwe beginsel in die dualiteit "ek tot my"

In hierdie tweede boekie word daar naas die beginsel van die Gees wat beheer van jou lewe oorneem nog 'n tweede kernmotief ingebring. Die kernmotief lê weereens in die dualiteit van die menslike bestaanswyse.

Volgens die boekies kan jy Jesus in jou lewe innooi (Boekie 1), maar nog self in beheer van jou lewe wees, kan jy Jesus ontvang sonder om met die Gees vervul te wees.

Hoe dit moontlik is, word verduidelik in terme van die "Jesus-ek" en "ek" dualiteit wat die "ek-my" dualiteit van die mens opgehef het. Volgens boekie 1 word mens salig en kind van God as jy jouself aflê en met die wese van Jesus vereenselwig. So verander die wese van die mens.

Nou word iets nuuts gestel: die wesensverandering van die mens is nie genoegsaam om sy sondige bestaanswyses te verander nie. Anders, as dit sou kon, sou die probleem van 'n sondige lewenswyse gewees het dat jy sou opgehou het om jouself af te lê en met Jesus te vereenselwig: opgehou het om jou hart oop te maak en Jesus uit te nooi. Die antwoord op sonde sou dan gewees het – nooi Jesus weer in. Dit is egter nie die probleem of antwoord volgens die boekie nie.

As jy net vir Jesus innooi is jy kind van God maar is jy 'n vleeslike kind van God. Mense wat net vir Jesus innooi, probeer in eie krag die Christelike lewe leef; 'n kragteloos gebedslewe; leef soos 'n wêreldling; wil nie Bybelstudie doen nie; wil nie getuig nie e.a. nie.

Wat baie belangrik is, is dat die Christen die lewe voer omdat hy nog net vir Jesus ingenooi het. Dit is dus duidelik, die daad, om Jesus in te nooi, is genoeg om jou kind van God te maak maar is insigself nie 'n krag tot diens aan God nie.

Anders sou die antwoord op 'n goddelose en sedelose lewe gewees het om Jesus in te nooi – en dit is dit nie.

In die woorde van die kategismus is dit duidelik – die innooi wat jou salig maak is 'n kragtelose en werklose daad wat die saligmakende geloof nooit kan wees nie. Hierdie kragtelose, werklose toestand is op grond van die ongenoegsaamheid van die uitnoodiging van Jesus om die mens tot diensbaarheid aan God te lei.

Die vervulling met die Gees is die antwoord op die inherente gebrek in die daad waardeur jy kind van God word (die innooi van Jesus). Meer nog, die inherente gebrek van die dualiteit "Jesus-my". Waar die dualiteit "ek-my" geniëlleer is tot "Jesus-my", daar het die mens die wese van Jesus ontvang. Egter, sou dit kon wees dat die mens deur sy mensbepaalde en as mensgegewe talente en psigiese vermoëns, Jesus se wese in die mens in beheer kon plaas en laat lewe, dan is die dualiteit "Jesus-my" eintlik maar weer net "ek" – "my". Want ek moet met my menslike talente en kragte die wese van Jesus in my aan die gang hou.

Dit mag nie en daarom die tweede fase van Christenskap: Jesus se wese kan alleen bestaan in my deur die krag van God. Die mens kan nie die wese van Jesus in hom deur sy eie kragte aktiveer nie, maar moet die verdere stap volg: erken dat sy eie krag en talente (na sy menslike bestaan) die rede is hoekom die wese van/identiteit van Jesus in hom nie tot sy reg kan kom nie.

Hy moet dié ook aflê soos hy sy wese afgelê het en God se krag en toerusting vir die wese van Jesus in hom, laat inkom. Dit is die vervulling met die Gees. Dit gebeur eers met die formule wat gesê word. Die gronde vir die formule is die tweede geformuleerde dualiteit.

Jy moet nie uit jou eie krag die lewe waar Jesus jou "ek" vervang probeer voer nie.

Jy moet uit die krag van God die lewe van die ek/ego van Jesus in jou laat voortgaan.

Dit is die kwaliteit van die stelreël: "In Christus besit die Christen al die volheid van God ..." (A.J.K. bl.7).

Waar die mens se menslike kragte vervang word met die goddelike krag van die Heilige Gees kan die wese van Jesus in die mens sy goddelike bestaan voer.

Waar die mens in stap 1 hom met die wese van Jesus moet vereenselwig moet hy in stap 2 hom met die goddelike krag en vermoëns van die Gees vereenselwig (laat vervul).

So ontstaan hier in boekie no.2 by kerk en sekte 'n totaal nuwe godsdienstige inhoud: sonde by iemand wat hom met Jesus vereenselwig het, is nie 'n geloofstryd (geloof in die middelaarskap van Christus) nie, maar 'n vraag na goddelike krag vir die goddelike lewe. So word die ware lewe 'n oorvloedige en dinamiese lewe. Kerk en sekte is in hierdie inhoude in die voorgelegde literatuur identies.

3.5 SAMEVATTEND

Dit is duidelik dat na aanbieding, doelstelling en inhoud, die Ned. Geref. kerk met die literatuur wat hy in die Jeugaksie en Doelgerigte gemeentebou-aksie binne die kerk bedien, met die sektewese wesenlik identies is.

'N VERGELYKING MET DIE BELYDENISSKRIFTE VAN DIE A.G.S.

Kritiek teen die inhoude van die Jeug-tot-Jeugaksie en Doelgerigte Gemeentebou is nie iets nuuts nie. Die hantering van hierdie kritiek tot dusver is egter duidend vir die diepte van die beweging in die Ned. Geref. Kerk.

Met danige nederigheid is daar al erken dat 'n mens nie té metodisties moet wees nie; dat die verbond meer klem moet kry; dat hierdie inhoude alleen maar 'n hulpmiddel is tot die belydenisse (asof die inhoud aanvullend tot mekaar is).

Met al die danige erkentlikheid is net nog nuwe "eie" skolingsboekies opgestel, na inhoud identies en in gemeentes met herlewingsaksies staangemaak. Volgens die aksie-komitees is hulle boekies na inhoud die geloof en bekering wat die kerk verkondig.

1. Indien 'n mens nou egter, alhoewel omslagtig, hulle twee stappe na inhoud deurskou, word die kerndwaling tasbaar. Nog nooit is daar in die kerk in sy belydenisse twee stappe bedien soos in die boekies nie, maar wel in die sektewese: die A.G.S. het 'n aparte hoofstuk in sy belydenis oor saligheid (XII bl.32), waar meeste van boekie no.1 se inhoude bedien word en 'n tweede, apart aangeduide hoofstuk in sy belydenis (XII bl.52). "Die vervulling met die Heilige Gees". Na inhoud kom dit wesenlik met boekie no.2 van al die aksies ooreen. 'n Vervulling met die Gees, los van die heilsgawes as goddelike krag is wesensvreemd aan die Ned. Geref. kerk belydenisse maar eie tot die A.G.S.

2. Die kerk lei sy lidmate tot volwasse Christene en lidmate deur hulle in die volle omvang van die kerklike belydenisse op te bou. Tot volwasse lidmaatskap is al die inhoude van die belydenisse van die kerk noodsaaklik. By die sektewese, soos die A.G.S. word net die twee basiese ervarings as noodsaaklik gestel, saligheid en vervulling wat 'n sakramentele karakter het. Na die ervarings volg dissipelskap. Die Jeug-tot-Jeug aksie is hierin met die sektewese identies na aanbieding en doelstelling. Na boekie twee volg allermens 'n belydenisklas tot volwasse Christenskap. Na boekie 2 kom 3 en jy is baie gelukkig as dit by boekie 10 ophou. En nooit is dit die inhoud van wat ons glo, bely en leef nie, dis altyd "hoe om wat te doen om wat te kry."

3. Die daad waardeur jy gered word, saligheid deelagtig word, is 'n uitnodiging van die mens aan Jesus, 'n ongeredde maak die uitnodiging; 'n nie-wedergeborene verlang die heil; jy ontvang die wese van Jesus in jou; God se belofte is dat jy die gawe ontvang as jy vra; jy glo nie tot redding, maar nooi Jesus uit; berou en bekering is nodig voor jy wedergebore kan word; al glo jy, en bekeer jy, is jy nie gered as jy nie eers Jesus innooi nie; geloof en bekering kry eers betekenis as jy Jesus aanneem; dit is 'n vrye keuse wat jy moet maak; om gered te word moet jy verskillende aksies in 'n

metodistiese orde volg – nie net glo nie; om gered te word moet jou wese as mens verplaas word met die wese van Jesus (dit is jou verandering; wedergeboorte; die wesensonderskeid tussen jou en God moet opgehef word vir die goddelike bestaan van Jesus in jou; God het jou lief, beteken dat jy hel toe gaan as jy nie die regte keuse maak nie; Jesus se kruisweg is 'n voorbeeld wat jyself moet doen om gered te word; die heilsorde is bekering; aflê van jouself; aanneem van Jesus; wedergeboorte; geloof. Al hierdie stellings is teen die kerk se belydenisse, meer is juis wat die belydenisse nog altyd as 'n dwaling en sonde afgewys het. Die inhoude is egter nie vreemd aan die belydenisse van die A.G.S. nie, meer dit sou moeilik wees om te wou beweer dat dit nie juis A.G.S. inhoude is nie.

4. Die inhoude van geesvervulling soos uitgelê in C.3.4.1 is ook totaal kerkvreemd maar sekte-eie. Dit is hoe die A.G.S. dit bedien (XVII bl.52 Die Apostoliese leer).

5. Vergelyk 'n mens die twee kernpunte van boekie 1 en 2 met die A.G.S. se belydenisse word die dwaling duidelik. Die aksies se sentrum is dat die wese van Jesus jou wese vervang; dat die krag van God jou krag vervang en die wese van Jesus in jou sterk en bou. A.G.S. Apostoliese leer Hoofstuk XII 19 (bl.34): "Wat is die gevolge van die wedergeboorte? Deurdat 'n mens uit God gebore is, word hy Gods natuur deelagtig en word so 'n kind van God. Hoofstuk XII 21 (bl.35).

"Watter aspek van saligheid word deur die wedergeboorte uitgedruk? Dit dui op die goddelike lewe wat 'n mens ontvang wanneer jy gered word." Hoofstuk XVII bl.53).

"Is die vervulling met die Heilige Gees in die Pinkstersin dieselfde as wedergeboorte?

Hoewel dit dieselfde Heilige Gees is wat die wedergeboorte sowel as die Pinksterseën werk, is daar tog verskil in die werking van die Gees ten opsigte van hierdie twee ondervindings.

Wedergeboorte beteken die ontstaan van die nuwe lewe (Joh.3:3-7) is 'n verborge werking (Joh.3:5) en het reeds op Pinksterdag plaasgevind. Die vervulling met die Heilige Gees daarenteen is 'n toerusting met krag ...". Hoofstuk XVII 13 (bl.55).

"Mag ons vandag nog bid vir die vervulling met die Heilige Gees?

Ja sekerlik, want die belofte is vir alle gelowiges van alle tye (Hand. 2:38, 39), dit is gegee met die oog op die laaste dae ... en dit is ewe noodsaaklik vir die gelowige van vandag as vir hulle in die Nuwe Testamentiese tyd." (XVII 14 bl.55).

"Hoe word 'n mens met die Heilige Gees vervul?

Dit geskied nie deur een of ander menslike verdienste of tegniek nie, maar deur gelowig daarvoor te bid en te wag dat God die Pinkstergawe ook in jou lewe sal skenk."

Wie nog na hierdie inhoude wil beweer dat die inhoude van die A.J.K. en Doelgerigte Gemeentebou nie die harde, koue en duistere sektewese na inhoud is nie, het 'n bewyslas.

E. DIE GELOOFSINHOUDE VAN DIE BOEKIES IN VERGELYKING TOT DIE INHOUDE

VAN DIE NED. GEREFORMEERDE KERK SE BELYDENISSE

1. Die mens geskape as beeld van God

Heid. Kat. vr. en antw. 6 bely dit waarin die unieke kwaliteit van die mens as beeld van God geleë is. "Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper kan ken, Hom van harte kan liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys." In N.G.B. artikel 14 word dit ook na hierdie inhoud so bely: "Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het. Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, d.w.s. goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem."

Hierdie inhoud van die belydenis word nie aan die orde gestel in die boekies nie. Die kwaliteit waarmee God die mens geskape het om as mens waarlik heilig en regverdig te wees volgens Sy wil word nie aangedui nie.

Die boekie van C.C.C. wys ons die rede eksplisiet hiervoor aan. In punt een van C.C.C. word die unieke karakter van die mens nie aangedui as dat die mens volkome heilig en regverdig volgens God se wil kan leef nie, maar as "God het u lief en het u geskape om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê" (bl.2). God het jou dus geskape sodat jy kan wees soos hulle in die lewensuitbeelding op bl.12 aandui. Jy moet nie meer self in beheer van jou belange wees nie, maar Jesus. Dit geld vir al die voorgelegde literatuur. God het die mens so gemaak dat hy nie self beheer oor sy lewe uitoefen nie, maar Jesus wat die plek van die self oorneem en oefen as alternatief die beheer. Dit is die inhoud van die "persoonlike" verhouding met God en die inhoud van die ware lewe. Die mens is dus geskape om die wese, die "ek" van Jesus te beliggaam in die wêreld en nie sy skeppingsgegewe "ek" nie.

Die ontbreking van die belydenis is kwalitatief tot die eie inhoud van die boekies en nie net die uitlaat van belydenisse wat nie só belangrik vir die geloofslawe is nie. God het nie die mens geskape om self, na sy "eie-ek" voor God heilig en regverdig te leef nie, maar om die self van Jesus (wat Goddelik is) te beliggaam. Die belydenis oor die mens as geskape om self, met sy eie wil, sy eie-ek heilig en regverdig te wees ontbreek.

Dit is op grond van die alternatief op die Ned. Geref. kerk se belydenis hieroor. Hierdie alternatief is onskriftuurlik en vreemd aan die inhoud van wat die kerk bely oor wat die mens as beeld van God is, maar dit is eie aan die Pinkstersektes.

2. Die gevallenheid van die mens en sy verdorwe natuur

Die kerk van die Here bely dat die mens nie die eis van God ten volle kan nakom nie, meer nog, dat die mens juis die teendeel doen. Hy het God en sy naaste nie lief nie, maar haat God en sy naaste. Volgens die eis van God is die mens onheilig en onregverdig en kan hy net onheilig en onregverdig leef. (Heid. Kat. Sondag 2). Die algehele verdorwenheid van die mens is van so aard dat hy glad nie in staat is om enige iets goeds te kán doen nie en net tot kwaad geneig is (vr. en antw. 8).

'n Belydenis van die algehele verdorwenheid van die mens wat in alles onheilig en onregverdig wíl wees, ontbreek in al die voorgelegde literatuur. Enkele sinne soos die mens kan homself nie verlos

nie; die mens is ongehoorsaam en is allermens 'n belydenis van die algehele verdorwenheid van die mens se natuur.

Dit blyk duidelik uit die sentrum van die boekies: die lewenssketse en die uitnooding van Jesus om in die lewe in te kom. Volgens die gebede is 'n mens eers kind van God as jy Jesus ingenooi het, nie voor die tyd nie. En eers met sy inkom in jou en die afstand doen van die eie-ek vind die wedergeboorte plaas. Die verlore sondaar, voor sy wedergeboorte, kan dus sonde bely, glo in die kruisdood van Jesus, die vergifnis van Jesus aanvaar en Jesus innooi. Meer nog, hy het die wil om dit te doen en die wil om kind van God te wees. Die verlore sondaar in wie Jesus nie is nie kan al die goeie werke voor wedergeboorte doen.

Die natuur van die mens is ook nie so verdorwe dat hy 'n nuwe "eie" en menslike natuur moet kry nie. Die "eie-ek" moet volgens hulle nie deur 'n nuwe menslike natuur vervang word nie (Calvyn praat duidelik van die doding van die sondige natuur). Dit moet alleen maar 'n plekverskuiwing ondergaan. Dit moet net nie meer in beheer van die lewe wees nie.

Hier is geen doding van die ou natuur nie, maar die verplasing van die mens se "ek" vir die wese en "ek" van Jesus. Van 'n herskeppende daad van God wat 'n nuwe eie, menslike natuur in die plek van die ou natuur gee, is hier geen sprake nie. Waar die mens self, sy "ek" aflê en Jesus se wese aanneem het hy Jesus ingenooi, het hy self van die troon afgeklim en Jesus op die troon van die lewe geplaas. Daar het hy, die mens, homself verander. Dit is vanuit sy eie, menslike natuur wat hy hierdie dade verrig.

Die sondige aard van die mens is dus nie so dat hy tot geen geregtigheid en heiligheid in staat is nie, meer nog, volkome onheilig en onregverdig is nie. Dit is maar net omdat hy nog nie gedoen het wat hy kán doen om kind van God te word nie en nog nie gedoen het wat hy kan doen om die "goddelike" ware lewe te kry nie (Jesus ingenooi het nie).

Die afwesigheid van die belydenis van die kerk oor die algehele verdorwenheid van die mens is weereens a.g.v. die aanwesigheid van 'n alternatiewe belydenis dat die mens sonder wedergeboorte tot goeie werke in staat is. Die afwesigheid van die inhoud van sy sondige aard as onheilig en onregverdig is nie omdat die boekies net die "kernwaarhede" uit die belydenisse gebruik nie maar a.g.v. sy alternatiewe definisie van sonde dat die mens self in beheer van sy lewe is.

Laasgenoemde is geen sonde volgens die Skrif en belydenisse nie. Die dualiteit van die menslike bestaan as die verhouding "ek" tot "my belange", ek tot identiteit en selfbeeld is 'n skeppings- en bestaansorde en geen sonde nie. Dat die mens in beheer van sy lewe is, is geen sonde nie. Dat hy egter in die beheer van sy lewe onheilig en onregverdig teenoor God en sy naaste is, dit is sonde.

In die boekies ontbreek die inhoud van dit wat die kerk bely as die sondige aard van die mens ter wille van 'n nuwe alternatief. In die alternatief word die Godgegewe skepping – en bestaansorde van die mens as dualiteit waar hy in beheer van homself moet wees, as sonde geoordeel. Hierdie is 'n onskriftuurlike en belydenisvreemde oordeel oor die mens soos God hom geskape het.

3. Die heilswerk van Jesus Christus

Van die heilswerk van Jesus Christus wat die kerk bely as die gronde vir saligheid kom slegs een

enkele deel gebrekking voor in die boekies nl. dat die mens Jesus moet dank dat Hy vir sondes gesterf het.

Die ander inhoude van die heilswerk van Jesus ontbreek na inhoud. Vir die kerk is dit wesenlik dat Jesus van die Heilige Gees ontvang is, gebore is uit die maagd Maria. So bely die kerk dat die ewige Seun van die Vader, self ware en ewige God die ware menslike natuur aangeneem het. So is hy nie deel van die sondige natuur van die mens nie, maar volkome heilig. Dit is my tot nut want die feit dat Jesus só is in my plek, bedek my sonde voor God. Die sterwe van Jesus aan die kruis is deel van sy lyding as mens waardeur ons van die verdoemenis verlos is en deel kry aan die genade van God, sy geregtigheid en ewige lewe (Sondag 14 en 15). Die inhoud van Sondag 16 ontbreek ook.

Wat werklik ontstel is dat die inhoude van Sondag 17, 18 en 19 totaal afwesig is in die geloofsinhoude van die boekies. Dat Jesus opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van die Vader, word glad nie aan die orde gestel nie.

Dit is nie net heilsfeite wat ontbreek nie, maar ook die nut van die heilswerk soos in die kategismus aangedui wat ontbreek in die inhoude van al die voorgelegde literatuur.

Die ontbreking van die heilswerk van Jesus is bepalend vir en noodsaaklik vir die alternatief wat aangebied word.

Die opstanding van Jesus is ons waarborg dat Hy self, die opgestane Here ons deel kan maak van die geregtigheid wat Hy verwerf het. Die hemelvaart is ons waarborg dat Hyself sy amp as Middelaar vandag, hier en nou volvoer: Hy is ons Voorspraak by die Vader en stuur sy Gees as waarborg na ons (vr. en antw. 45/49). Die verheerliking aan die regterhand van die Vader kwalifiseer die regeringskap van Jesus as Here en Christus. Sy regeringskap behels dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons uitstort en ons teen alle vyande beskerm en bewaar (vr. en antw. 51). Anders gestel, vandag, hier en nou gee Jesus as verhoogde aan God die Vader se regterhand aan my die Gees en dié laat my deur geloof aan Christus en sy weldade deel kry. Dit waaraan die Gees ons laat deel kry is die volkome genoegdoening en geregtigheid en heiligheid van Jesus Christus (vr. en antw. 60).

Deurdat hierdie inhoude soos wat die kerk dit bely ontbreek word daar 'n leemte in die heilswerk van Jesus geskep – asook 'n verbreking van die eenheid van die heilswerk van Jesus en die Heilige Gees. Die leemte is dus heilshistories van aard en bestaan daarin dat tussen die Jesus wat aan die kruis gesterf het en die Jesus wat uit die dood opstaan, na die hemel opvaar en aan die regterhand van God die Vader gaan sit het, neem die mens die posisie in. Die mens neem tussen die gekruisigde Jesus en die opgestane Jesus 'n bemiddelingsposisie in. Dit is wat aan die orde gestel word in die sentrum van die heilsorte van die boekies.

Hierdeur word die intredende en bemiddelende werk van Jesus self vervang. Dit is nie meer Jesus self Here en Christus, hier en nou aan die regterhand van die Vader wat ons in sy geregtigheid en heiligheid laat deel deur die Gees en so kinders van God maak nie. Die mens self teenoor die kruisiging as 'n historiese gebeure in die verlede, erken sy sonde, glo in die kruis, lê homself af en nooi Jesus in sy bestaanssamestelling in. Hierdie dade van die mens wat sy posisie tussen die

gekruisigde Jesus en opgestane Here inneem, vervang die intredende en bemiddelende werk van die Here aan die Vader se regterhand, hier en nou. Dit is die rede hoekom die intredende en nou bemiddelende werk van Christus ontbreek. Deur sy bekering, geloof en uitnodiging en selfaflegging word die heil bewerk. Die handeling van die mens maak die werk van Jesus aan die kruis heilseffektief.

Laasgenoemde feit is die rede hoekom die gebed van die mens die karakter van 'n formule kry. Deur die sê van die formule "Jesus kom in, neem oor" word die heil deur die formule bemiddel. Die sê van die gebed het dieselfde waarde as die intredende en bemiddelende werk van Jesus as ewige Seun, self God. Deur die sê van die formule bewerk die mens self wat Jesus aan die regterhand van God bewerk, hier en nou: die heil.

Die posisie wat die mens in die boekies opeis om tussen die gekruisigde en verheerlikte Here stelling in te neem, verander die inhoude van die verheerliking van Jesus wesenlik. Die kerk bely dat Jesus wat gekruisig is en gesterf het, uit die dood opgestaan het. Dit was 'n magsdaad van God die Vader deur die Gees omdat God die Vader 'n welbehag in Hom gehad het. So bely die kerk dit.

Dit ontbreek in die sekte godsdiens van die boekies ter wille van die alternatief – die inkoms van Jesus in die lewe van die mens. Die volgende stap van die heilsweg wat Jesus moet gaan na sy kruisiging is nie die opstanding uit die dode, maar die inkoms van Jesus in die lewe van die mens. Die mens, omdat hy as mens 'n welbehag in Jesus het, laat Hom as gekruisigde uit die dood opstaan deur Jesus in sy lewe te laat inkom.

So word die gekruisigde Jesus in en deur die lewe van die mens opgewek: as Hy inkom in die lewe in. Hierdie is 'n magsdaad van die mens wat hy voltrek in die formule dat Jesus moet inkom. Dit is nie toevallig dat hierdie aksies as herlewings gepropageer word nie. Herlewing na sy inhoud is waar die gekruisigde Here in die lewe van mense opstaan as hulle Hom beliggaam.

'n Verdere belangrike verandering in die belydenisse van die kerk in bogenoemde is dat die mens nie deel kry aan die heiligheid en geregtigheid wat Jesus vir hom verdien het nie. Hy kry deel aan Jesus, die gekruisigde wat in hom, dit is in sy lewe opstaan. So word die gawes van die Gees vermeng met die heilsweg van Jesus. Erger, die heilsorde word vervang vir die heilsweg van Jesus wat in die mens gebeur.

Die hemelvaart en die verhoging van Jesus tot die regterhand van die Vader ontbreek ook in die boekies vir die alternatief van die sektegodsdiens. Die Vader het Jesus verhef om aan Sy regterhand Here en Christus te wees.

In die sektewese is dit die mens wat hierdie magsdaad uitvoer en Jesus verhoog tot die troon van die mens se lewe. Die regeringskap van Jesus is nou na inhoud verander. Hy is nie meer Here en Christus aan die Vader se regterhand waar Hy ons in sy weldade laat deel nie. Hy het die beheer van die mense se lewe (d.i. die mens se aanspreeklikheid teenoor en verantwoordelikheid tot God) oorgeneem.

So is dit die mens wat die heilswerk van Jesus laat gebeur in homself deur die sê van die verheerlikingsformule. Die weldaad van die verhoging van Jesus is nie meer dat die mens deel in

die geregtigheid en heiligheid wat Jesus deur sy Gees die mens toereken nie. Die mens beleef en ervaar die heilsweg van Jesus, die verhoging en inneem van sy regeringskap, as iets wat in hom en sy lewe voltrek word. Dit is ook nie toevallig dat die mense altyd praat van hulle godsdiens as 'n ervaring en belewenis nie. Hierdeur word nie na emosies verwys nie, maar die goddelike en mistieke ervaring van die verheerliking van die gekruisigde Jesus in hulle lewens.

Dit is wat gebeur as die gekruisigde Jesus van 2000 jaar gelede wat buite die mens se lewe is inkom as jy Hom innooi: die mens beliggaam die voltrekking van die heilsweg van Jesus as middelaar.

Bogenoemde is die rede vir 'n totale afwesigheid van die plaasbekledende werk van Jesus. Dat Jesus in ons plek gebore is om in ons plek voor God heilig te wees en aan sy geregtigheid te voldoen en dat Hy op grond van sy kruisdood, ons sy heiligheid en geregtigheid toereken word nooit genoem nie.

Die sekte alternatief het hier die plek ingeneem. Jesus se werk is nie meer plaasbekledend nie, maar selfvervangend. Die opgestane Jesus (wat in die mens gebeur) vervang die "ek" van die mens. Dit is nie meer die sondige aard van die mens wat deur 'n nuwe, menslike en individuele unieke, Godgegewe natuur vervang word en dit a.g.v. die plaasbekledende werk van Jesus nie, maar die skeppingsaard van die menslike bestaan word vernietig deur die selfvervangende verheerliking van Jesus in die mens.

Hierdie is die werklike offer wat gebring moet word om die heil (volgens die boekies se inhoud: Jesus kom in) effektief te maak. Hierdie offer is nie Jesus se lewe in ons plek nie. Hierdie is die offer wat elke mens self moet bring voor hy 'n kind van God kan word. Die inhoud van die offer is die bestaansaard van die mens soos hy deur God geskape is om mens te wees in hierdie lewe: as 'n dualiteit waarin die mens as ek in verhouding staan tot sy selfbeeld; identiteit. Die opheffing van die dualiteit is mens en kultuur -vernietigend. Die mens kan geen identiteit vorm, en geen kultuur wees as hy die tipe beheer oor homself prysgee nie.

Waar dit gebeur word alle moontlikhede van kultuur beëindig want kultuur kan alleen geskep word in die dualiteit van "ek" tot "my". Dit kan en mag nooit as 'n Godgegewe eis gestel word nie. Tog kom die sekte met die mensvernietigende voorwaarde: as hierdie bestaansaard van die mens as kulturele wese nie opgehef word nie, kan die opstanding en verheerliking van Jesus nie in hom plaasvind nie en is jy verlore vir God. Dit is hierdie selfvernietigende opheffing van die bestaanswyse van die mens as kultuurskeppende wese wat die ware offer is om kind van God te word. Hierdie selfopoffering van die mens is die alternatief op die offer wat die kerk as genoegsaam bely om die volle heil deelagtig te wees: die lewe wat Jesus op Golgota gegee het.

4. Die twee nature van Jesus Christus

'n Verkondiging van Jesus as waarlik God wat 'n tweede natuur, die mens se natuur aangeneem het soos en na die inhoud van die belydenisse van die kerk, ontbreek in al die literatuur. Meer nog, die leemte in die heilsweg van Jesus Christus waar Hy net as gekruisig, verkondig word, is ook 'n leemte wat in die persoon van Jesus Christus geskep word. Volgens die boekies was Jesus gekruisig met die veronderstelling (wat nie baie uitdruklik weergegee word nie) dat Hy as mens gekruisig is. Dat Hy opgestaan het as mens en vandag nog ten volle mens is, na liggaam en siel,

ontbreek. Die leemte is bepalend want vir die belydenis van die kerk dat ons deel het aan die heiligheid en geregtigheid van Jesus as mens, is dit nodig dat Hy vandag volledig mens is. Vir die belydenis van die kerk dat ons geregverdig en geheilig is deur Jesus vandag, is dit wesenlik dat Hy mens is vandag. So moet Hy wees wat vandag Middelaar wil wees (Heid. Kat. vr. en antw. 15).

Hierdie afwesigheid in al die voorgelegde literatuur is noodsaaklik vir hulle alternatief: die persoon van die tipe Jesus wat in jou inkom. Jesus wat ten volle mens is na liggaam en siel kan tog nie die "ek" van alle mense oorneem nie. Die persoon van die tipe van Jesus wat in jou inkom is soortgelyk aan die "ek" van die mens, want immers, Hy neem die "ek" se plek in. Tog is die persoon van Jesus meer as die "ek" van die mens, want Hy kan gelyktydig in al die mense wees: dit is soos God. Die persoon van Jesus is dus menslik en goddelik op so 'n wyse dat 'n mens aan die goddelike "ek" van Jesus moet deel kry. Meer, jy moet nie jouself beliggaam nie, maar die goddelike "ek" van Jesus. Jy beliggaam Hom as Hy in jou kom en jou beheer oorneem.

Die inkarnasie van die goddelike "ek" in die liggaam van Jesus (volgens hulle wanopvatting) 1986 jaar gelede moet nou in elke ander liggaam op aarde plaasvind. Dit is dus wat nodig is om kind van God te wees: Jesus moet in jou opstaan en verheerlik word: in jou geïnkarneer word. Hierdie eksistensiële verandering vind plaas in die formule "Jesus kom in". Dit is hoe die mens beeld van God word. Die vernietiging van die bestaansmoontlikheid van die mens om 'n kulturele identiteit te vorm, word vervang met 'n kultiese goddelike identiteit – Jesus se goddelike identiteit in hom. Die boekies is die hart van die sektewese na inhoud. Dit is nie wat die kerk bely nie, maar die sekte.

A.G.S. Apostoliese leer: Hoofstuk XII 19 (bl.34): "Wat is die gevolge van die wedergeboorte? Deurdat 'n mens uit God gebore is, word hy Gods natuur deelagtig en word so 'n kind van God. Hoofstuk XII 21 (bl.35) "Watter aspek van saligheid word deur die wedergeboorte uitgedruk? Dit dui op die goddelike lewe wat 'n mens ontvang wanneer jy gered word."

Die doel van Jesus se inkarnasie is dus dat die mens self ook, soos Jesus, Gods natuur deelagtig word. Die mens kry deel aan die goddelike lewe as Jesus in hom inkom.

Vir die kerk van die Here is daar geen groter sonde as dié nie, meer, dit is die wese van die sonde van die mens. Hy wil God wees. Wat vir die kerk sonde is, is vir die sektewese 'n wonderlike ervaring en belewenis. Waar die kerk bely dat Jesus se heilsweg en werk hom van die sonde bevry, het die geweldadigheid van die sekte Jesus as weg tot sonde aangegryp. In die literatuur van die Jeug-tot-Jeug Aksie en Doelgerigte Gemeentebou het die Ned. Geref. kerk die weg tot saligheid in 'n weg tot sonde vervals saam met die sektes. Die mens word nie meer as beeld van God bely nie, maar beliggaam God in hierdie wêreld.

5. Die Heilige Gees

Die eenheid van die werk van Jesus en die Heilige Gees is gegrond in die verhoring van Jesus en Sy intredende en plaasbekledende werk. Die weldade wat Jesus deur Sy heilsweg verdien het, deel Hy self uit. Dit doen Hy deurdat Hy en die Vader die Gees uitstuur. Deur die Gees ontvang die mens die weldade van Christus. Waar die mens egter nou die verhoring en verheerliking van Jesus vervang, word die inhoud van die werk van die Gees sowel as die eenheid van die werk van die verhoogde Here met die van die Gees wesenlik verander en verbreek. Die werk van Jesus en die

Gees is nou twee afsonderlike dade. Jesus se werk is dat Hy in die mens inkom en beheer oorneem. Die Gees se werk is dat Hy krag gee aan die mens om die goddelike lewe van Jesus in hom aan die gang te hou.

Hierdie verbreking van die karakter en eenheid van die werk van Jesus en die Gees is vernietigend op die inhoud van die heilsweldade en gawes. Bekering en geloof word nou dade van die mens voor hy met die Gees vervul is, meer nog, voor hy wedergebore is. Bekering word 'n daad tot saligheid, nie meer uit dankbaarheid nie, want die mens bekeer voor en om wedergebore te word. So word die inhoud van die bekering wat die kerk bely totaal vernietig.

Die vernietigendste ingryping op die inhoud van die gawes van die Gees lê verder daarin dat in die boekies die wese van die geloof aangetas word. Die inhoud van wat geglo word ontbreek (die Middelaarskap van Jesus). Meer nog, geloof in boekie no. 1 is 'n kragteloze geloof wat nie tot goeie werke lei nie. N.G.B. artikel 24.

Ons heiligmaking en goeie werke:

"Dit is daarom ook onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem " 'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan" (Gal.5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Hierdie werke, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, is goed en vir God welgevallig, omdat hulle almal deur sy genade geheilig is."

Van so 'n kragvolle geloof wat tot werke lei, is in die boekies geen sprake nie. Die veronderstelling van die onvermoë van die geloof om goeie werke tot stand te bring, is juis die gronde vir boekie no.2 se alternatief: vervulling met die Gees. In "is u Christen-wees vir u 'n avontuur?" stel die A.J.K. dit duidelik. Al glo jy die saligmakende geloof, leef jy nie die oorvloedige lewe nie. Jy probeer in eie krag leef; leef 'n val en opstaan lewe; het nie 'n gebedslewe of Bybelstudie lewe nie; e.a. Al die doodsheid lê in die wese en aard van die saligmakende geloof. Dit is duidelik, want die antwoord op die lewe sonder werke is nie geloof nie (dit is in boekie no.1 afgehandel). Dit is die ontbreking van die inhoud van 'n tweede verbond: die krag van die Gees.

Die inhoud van wat die kerk bely oor die werk van die Gees ontbreek kwalitatief in al die boekies. Die sekte inhoud het die van die kerk vervang en die kerk inhoud vernietig. Meer, in en deur die sekte-inhoud word die kerk van die Here vernietig. Die A.J.K. en Doelgerigte Gemeentebou is 'n vernietiging van die kerk van die Here – die sekte in die Ned. Geref. Kerk.

6. Die verbond en sakrament

Die inhoud van die heilswerk van Jesus as Middelaar wat Hy uitdeel deur saam met die Vader die Gees te gee, is die gronde van die verbond soos deur die kerk bely. In die heilswerk van Jesus as verhoogde Here is die eenheid van verbond en sakrament gegee. (Heid. Kat. vr. en antw. 69; 73; 74). In die voorgelegde literatuur vervang die mens (soos aangedui) die funksie van Jesus en so ontstaan 'n nuwe, valse en alternatiewe verbond soos aangedui in die inhoudelike analise van die boekies: Jesus sal inkom as jy Hom uitnooi. Dit is onmoontlik dat 'n alternatiewe verbond verkondig kan word met behoud van die betekenis van die sakrament. Die sakramentele verwarring is deel van die valse evangelie soos in die boekies weergegee. Die sakrament verseël en

bevestig nie meer die genadeverbond nie maar 'n nuwe werksverbond wat eintlik uit twee verbonde/beloftes bestaan. Die A.J.K. en Doelgerigte Gemeentebou poog om hierdie valse verbond as waar staan te maak en deur te gee aan ons lidmate.

7. Die amp van Jesus Christus

Uit E 1 – E 6 is dit duidelik dat die wesenlike dwaling in die sekte evangelie is dat die mens die posisie van die verheerlikte Jesus vervang. Die gevolge is dat die amp van Jesus as Christus nie meer deur Homself aan die regterhand van die Vader uitgeoefen word nie, maar dat Hy na inhoud 'n nuwe amp ontvang: nie meer die plaasbekledende en intredende werk by die Vader nie, maar die selfvervangende werk in die mens. Hierdeur word elke mens 'n middelaarsfiguur, met 'n middelaarsfunksie: middelaarsfiguur omdat hy nou 'n getuie is dat hy nie meer homself beliggaam nie, maar Jesus inkarneer; middelaarsfunksie omdat elke mens nou ander mense moet lei om ook die heilsformule agter hulle aan te sê om ook Jesusfigure in die wêreld te word. Hierdie valse amp word staangemaak onder die propaganda dat elkeen 'n getuie moet wees. Die dwaling is dat die middelaarsfunksie en figuur van Jesus nou die inhoud van "getuienis" is.

Bogenoemde is 'n vernietiging van die kerk. Christus ons voorspraak (N.G.B. 26), word vervang met 'n wonderuitspraak van 'n reddingsformule deur die mens self. Die algemene Christelike kerk (N.G.B. 27) as 'n heilige vergadering wat almal in Christus glo soos bely word vervang met die "ware wedergeborenes" binne die (deur hulle so verklaarde) dooie kerk van die Here. Die regering, ampsdraers, orde en tug van die kerk verval in die sekte alternatief. Dus, nie meer die ampsdraers wat tot die ampte verkies is deur 'n wettige verkiesing van die kerk wat die amp beklee nie, maar selfaangestelde en geskoolde "werkers" van 'n valse evangelie.

Deur die valse amp as 'n aanvulling en voltooiing van die ampte van die kerk voor te hou, het die A.J.K. en Doelgerigte Gemeentebou die valse kerk met al sy kenmerke in die Ned. Geref. Kerk as die ware kerk staangemaak (N.G.B. artikel 29).

8. Versoening

Die wese van versoening soos die kerk bely is gegrond in die amp van Jesus. "Ons glo dat Jesus – kragtens 'n eed – 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek ... (N.G.B. 21).

Versoening is waar ons aan die weldade van Jesus deel kry en so vryspraak van sondes verkry."

"Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons, in gemeenskap aan sy weldade, aan Hom verbind." (N.G.B. 22).

Deur geloof in Jesus se heilswerk as verhoogde Christus is die sondaar met God versoen. Deur sy medegelowige te aanvaar as vrygesprek deur sy geloof in Christus is hy met sy medechristen versoen. Versoening soos deur die kerk bely is alleen moontlik in die kerk tussen gelowiges. Versoening met sektes en ongelowiges is geen versoening nie. Meer, versoening kan nooit deur skuldbelydenis, berou, en besluite om God se wil te doen, plaasvind nie. Dit is 'n valse alternatief teenoor die versoening deur geloof soos deur die kerk bely. Die geweld van die valse versoening is totaal.

Die sektewese maak die valse versoening staan onder die skyn van sosiale geregtigheid. Hierin skep hulle 'n totale geweld. Geweld teenoor die kerk want die kerk se inhoude word vernietig vir hulle alternatiewe evangelie (vgl. E 1 – E 7). Geweld teenoor die kultuurgemeenskap omdat hulle die moontlikheid tot kultuurskepping die gemeenskap ontnem. Dit gebeur deurdat die gemeenskap gelei word tot die belydenis dat hy sleg is en nie self in beheer van sy kultuurskepping moet staan nie, maar die beheer aan "Jesus" moet oorgee. Verder word die gemeenskap deur die Messiasfigure gelei om die moontlikheid van die skepping van 'n sosiale orde en bedeling af te lê vir die alternatief. Die alternatief is die inkarnasie van die sosiale Jesus-identiteit soos deur die priesterfigure voorgehou. Hierdie geweld teenoor kerk en gemeenskap is wesenlik tot die aard van die sektewese soos vervat in die literatuur van die A.J.K. en Doelgerigte Gemeentebou.

Onder die vaandel van versoening en sosiale geregtigheid doen die sekte hom voor as staatsgodsdienst (Staat nie as kultuurgevormde identiteit nie, maar die inkarnasie van die goddelike lewe van Jesus). Dit is nie toevallig dat die middelaarsfigure vir die tipe versoening nie skroom om die forum met sekte, katoliek; Anglikaan en geweldenare te deel en terselfdertyd lidmate van die kerk van die Here as verlore en nie wedergebore verdoem omdat hulle nie hulle moontlikheid tot kultuurskepping wil aflê vir die inkarnasie van die sosiale Jesus persoonlikheid nie. Dit is 'n valse alternatiewe bedeling op kerk en staat, deur hulle voorgehou as die enigste moontlikheid tot sosiale geregtigheid. Volgens hulle is die arbeid van kerk en staat tevergeefs as dit nie deel is van die sosiale inkarnasie van die voorgehoude Jesus persoonlikheid nie.

Waar die kerk gegrond staan op die inhoude van die A.J.K. en Doelgerigte gemeentebou, is die kerk gedoem tot die valsheid, meer, ontnem van die moontlikheid tot ware versoening, geregtigheid uit dankbaarheid en die moontlikheid tot kultuurskepping volgens die eise van God se gebod.

F. 'N BEREKENDE VALSHEID

Uit A tot E is dit duidelik dat hier geen misgissing uit kinderlike naïwiteit is nie.

Hier word berekend, met geweld en mag inhoude staangemaak – sektariese inhoude.

Die botsing kerk en sekte; ware kerk en valse kerk word met gewaande alternatief tot sintese gebring. Die sekte is nou "evangeliese gereformeerde". Hulle is ware dinamiese Christene teenoor koue, dooie, tradisie Christene.

Hierdie berekende poging om sekte inhoude as "evangelies gereformeerde" te beklee is die styl van A.J.K. en Doelgerigte gemeentebou se alternatiewe evangelie. So word die kerk van binne, deur die amptelike organe en publikasies van die kerk, deur die sekte vernietig.

Die getalle van al die "siele" wat deur hulle gewen is, is die getal lidmate van die kerk wat van die kerk en samelewing vervreem is en gedoem is tot die gewelddadigheid van die middelaarsfigure van die valse kerk.

G. BEVINDINGE VAN DIE KERKRAAD

1. Die evangelie soos aangebied in die literatuur van die A.J.K. van die Ned. Geref. Kerk, oorspronklik uitgegee deur die Jeug-tot-Jeugaksie en die literatuur van Doelgerigte Gemeentebou van Bybelkor stem in vele opsigte ooreen met soortgelyke buitekerklike literatuur wat alreeds voorheen deur die Algemene Sinode afgekeur is.
2. Die evangelie hierin, ten spyte van die opstellers se goeie bedoelings, is op kernpunte 'n vervlakking van die Evangelie soos bely deur die Ned. Geref. Kerk in die Formuliere van Eenheid.
3. Hierdie vervlakking van die evangelie is na inhoud sektaries en verwarrend.